

word dat die klank se onderliggende karakter 'n rol speel by apokopee nie, word slot-d en -t as klank gerieflikheids-halwe as "/t/" voorgestel.

Soos in hoofstuk 1 aangetoon, kan slot-/t/ - veral, maar nie uitsluitlik nie, na 'n stemlose klank - in Ndl. verval in verskeie taalkringe en tydperke, met inbegrip van die tyd van die volksplanting aan die Kaap. Slot-/t/-verlies is egter sedertdien in die Ndl. beskaafde taal teëgewerk¹³⁹. Aan die Kaap ontwikkel dit egter tot 'n "dwingende fonologiese reël"¹⁴⁰ wat uiteraard - soos in Ndl. ook - nie net die v.d.w. raak nie, maar ook ander wwe. (bv. die pv., ekv.) en woorde wat tot ander woordsoorte behoort. In die loop van die ontwikkeling van Afr. begin dan ook ander - vermoedelik nie-fonologiese - faktore /t/-verlies by die ww. bevorder, sodat in hedendaagse Afr. slot-/t/ konsekwent na 'n stemlose sowel as 'n stemhebbende klank verval het, by die pv. (bv. maak, draai, verower) en by die v.d.w. in werkwoordelike gebruik (bv. gemaak, gedraai, verower).

Hierdie proses kan gevolg word in 'n aantal tekste van uiteenlopende aard en lengte, wat in 'n mindere of meerdere mate van A.B.N. afwyk of mod. Afr. benader. Skrywers van e.g. tekste neem nog die A.B.N. as norm, terwyl lg. tekste 'n poging tot 'n weergawe van die Afr. spreektaal is. 'n Eersterangse probleem wat hom hier voordoet, is in hoeverre 'n bepaalde geskrif die skrywer se alledaagse taalgebruik weergee: om vas te stel op watter wyse die spreektaal verander, is nl. die hoofdoel van enige diachroniese analise.

Slot-/t/-verlies is al uitvoerig ondersoek vir alle woordsoorte (met inbegrip van die v.d.w.) sodat ons - veral danksy J. du P. Scholtz se baanbrekende sistematiese ondersoek op dié gebied - 'n goeie beeld het van die verloop daarvan (vgl. par. 3.2.2 hieronder).

Die metode wat tot dusver gevolg is, kom kortliks hierop neer: indien 'n bepaalde woordsoort (of soort ww.) in 'n bepaalde fonologiese konteks 'n beduidende aantal gevalle van verlies gevind is - word aangeneem dat die ver-

skynsel omstreeks die tyd van die teks redelik algemeen was in die spreektaal. 'n Aantal gevalle van /t/-verlies in 'n teks word dus as simptome beskou van veel groter of selfs algehele verlies in die spreektaal. Gevalle van hiperkorreksie verleen verdere steun aan die opvatting dat verlies in die spreektaal veel groter is as wat die teks letterlik aandui.

My kritiek op sekere aspekte van dié benadering is o.m. die volgende:

- 1) Stellige gevolgtrekkings word in verband met die spreektaal gemaak terwyl ons tog eintlik (hoofsaaklik) oor tekste beskik, met 'n minimum aan regstreekse, tydgenootlike waarneming.
- 2) Datering van 'n verskynsel in die spreektaal word soms selfs op grond van 'n aantal vorme sonder /t/, selfs in één teks, gemaak, met die nadele (a) dat daar geen duidelike kriterium gegee word vir die aantal gevalle wat as deurslaggewend beskou moet word nie, (b) dat te min ruimte gelaat word vir die moontlikheid dat variabiliteit in 'n geskrif ook variabiliteit (teenoor absolute verlies) in die gesproke taal kan verteenwoordig, en (c) dat by die vind van vroeër tekste met nog voorbeelde van /t/-verlies, steeds terugdateer moet word.
- 3) Vir wat in werklikheid 'n eenheidsproses is - d.w.s. /t/-verlies, met verskillende faktore daaraan verbonde - moet 'n geheelbeeld opgebou word uit 'n vergelyking van 'n aantal datums.
- 4) 'n Moontlike implisiete uitgangspunt in die interpretasie van die verskynsel van /t/-verlies in sy geheel, is die tradisionele gedagte dat fonologiese wette suiwer artikulatories van aard is, sodat hulle by alle woordsoorte gelyktydig en ewe sterk werk¹⁴¹.
- 5) Daar is 'n neiging om die waarde van die gegewens in 'n bepaalde teks vooraf te beoordeel in die lig van die normtaal (i.c. Ndl. of Afr.) waarop die skrywer gerig is of selfs in die lig van wat in tydgenootlike tekste

gevind word, in albei gevalle 'n gegewe wat ekstern is t.a.v. die taalverskynsel wat ondersoek word. Tekste kan immers heterogeen wees t.a.v. die normtaal waarop hulle gerig is: 'n "Afrikaanssprekende" skrywer kan in een opsig daarin slaag om Ndl. te skryf (bv. wat sy woordkeuse betref) en in 'n ander opsig misluk (bv. morfologies).

Om o.m. bostaande probleme uit die weg te gaan, word die materiaal nogmaals bekyk (par. 2.4.4. v), en dan uit 'n ander oogpunt (kyk par. 2.4.3). Daar word veral gepoog om vanuit die proses van /t/-verlies in sy geheel 'n perspektief te kry op /t/-verlies by die v.d.w. Die uitgangspunte van die alternatiewe benadering is o.m. die volgende:

- 1) Die taalvermoë (Eng. competence) van die afsonderlike taalgebruiker, synde 'n psigolinguale werklikheid, word vooropgestel deurdat sy taalgebruik (Eng. performance) in een of meer tekste as 'n eenheid ontleed word. Die gegewens (statisties benader) moet - in soverre toereikend - toegelaat word om vir hulleself te spreek.
- 2) Verskillende skrywers word met mekaar vergelyk, en algemene patrone of tendense gesoek. Die wyse waarop die verandering hom voltrek - synde teoreties relevant - word sentraal gestel, terwyl datering as van sekondêre belang beskou word. Die resultaat kan dan met ons vermoedens in verband met die skrywer se normtaal vergelyk word, en sodoende as onafhanklike bevestiging daarvan dien.
- 3) Die standpunt word gehuldig dat - tensy die teendeel bewys kan word - skrywerskonserwatisme 'n eweredige invloed in alle kategorieë van die ondersoek sal hê, sodat die gevonde skryftaalpatroon ook die spreektaalpatroon sal wees.
- 4) Die standpunt word gehuldig dat die bestaan van vergelykbare patrone in die hedendaagse (nie noodwendig Afrikaanse) spreektaal, hulle bestaanbaarheid tydens die ontwikkeling van Afr. 'n hoë mate van waarskynlikheid gee¹⁴².

Ter wille van die perspektief, net 'n opmerking oor die "status" van die twee benaderings wat hierbo geskets is: Dit gaan in albei gevalle om 'n metode waarvolgens op grond van oorgelewerde geskrewe uitsprake in verband met die gesproke taal gedoen word - ons kan hulle miskien die "atomisties-tekskritiese" en "variasiegerigte" metodes noem. Albei hierdie metodes het die status van 'n indirekte benadering tot die onderwerp van studie, nl. die ontwikkeling van die Afr. spreektaal uit Ndl. (Daar bestaan geen "direkte metode" nie; die moontlikheid van regstreekse waarneming sou 'n metode as sodanig oorbodig maak). Ofskoon die variasiegerigte metode hieronder aangewend word in reaksie op die tekortkominge van die atomisties-tekskritiese metode wat hierbo geskets is, is die twee metodes na alle waarskynlikheid komplementêr.

Vervolgens word dan nou gekyk na die bestaande literatuur (par. 2.4.2) en die model waarvolgens die materiaal opnuut ontleed word (par. 2.4.3). Die bestaande en gevonde gegewens word chronologies aangebied (par. 2.4.4) en geïnterpreteer (par. 2.4.5). Ten slotte (par. 2.4.6) word kortliks gekyk na gevalle waar die sterk of /ə/-uitgang die /t/ vervang of daaraan toegevoeg word.

2.4.2 Huidige stand van die ondersoek

2.4.2.1 Oriëntering

Dit gaan in hierdie hoofstuk in die eerste plek om veranderinge in die voltooidede deelwoord, soos hulle hulle in die Kaaps-Nederlandse geskifte en in vroeë Afr. voltrek. Waar die v.d.w. sy slot-/t/ verloor, het ons te make met 'n proses wat verder as die v.d.w. strek; hier word dan ook gekyk na /t/-verlies by die pv. van die ww. en by woorde wat nie wwe. is nie. Taalkundiges wat /t/-verlies bestudeer het, het dié samehang dan ook nie verwaarloos nie. Hulle belangrikste bevindings word hieronder weergegee. Omdat 'n studie van slot-/t/-verlies in die lig van die totale ontwikkeling van die v.d.w. nie die hoofdoel van hierdie

ondersoek kan wees nie, word volstaan met 'n bespreking van die opvattinge van die belangrikste ondersoekers van Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. slot-/t/-verlies, t.w. J. du P. Scholtz en, aansluitend by hom, F.C. Snyman - in wie se werke die insigte van J.L.M. Franken (o.m. 1953), G.G. Kloeske (1950), E.H. Raidt (o.m. 1972) verwerk is. In hulle bestudering van Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. slot-/t/-verlies, maak sowel Scholtz as Snyman voortdurend gebruik van wat bekend is van die verskynsel in Ndl. Vir die doel van my studie word die opvatting dat S.A. apokopee 'n voortsetting is van 'n Ndl. toestand as bewese aanvaar, en kom dit verder slegs ter sprake waar Snyman die S.A. gegewens met Ndl. vergelyk.

2.4.2.2 Slot-/t/-verlies soos beskryf deur J. du P. Scholtz

Die verlies van slot-/t/, by die v.d.w. en elders, word indringend deur Scholtz bespreek in 'n 1958-artikel, "Die ontstaan van die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel"¹⁴³, en in die eerste hoofstuk van sy Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu van 1972, met die titel "Werkwoordelike vorme in vroeë Kaapse bronne"¹⁴⁴. Verder kom /t/-verlies by Scholtz in 'n 1965-bundel van taalgeskiedkundige opstelle ter sprake¹⁴⁵, maar aangesien die 1972-hoofstuk nou aansluit by die 1958-artikel en 'n aanvulling daarvan is, word die bespreking tot die een artikel en hoofstuk beperk.

Die materiaal wat as grondslag dien vir die 1958-artikel is hoofsaaklik die KT (waarvan Scholtz sê dat die materiaal "eers van 1776 af ... redelik volop en bevredigend oor die tyd verdeel" is¹⁴⁶), die "Berigt" van Wikar, 1779¹⁴⁷, die "Lied" van 1795¹⁴⁸ en die dagboek van Johanna Duminy, 1797¹⁴⁹. Die 1972-hoofstuk berus op argiefmateriaal uit ruweg die honderd jaar voor 1785, in soverre daar dan materiaal gevind kon word¹⁵⁰.

Ons kry nie uit die 1958-artikel en die 1972-hoofstuk presies dieselfde beeld van die verloop van slot-/t/-verlies nie. Hierdie verskil moet hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die hoofstuk op materiaal berus wat vroeër in die tyd teruggaan as dit waarop die artikel berus. Maar

omdat die moontlikheid dat ook Scholtz se benadering vanaf 1958 na 1972 kon verander het, nie uitgesluit is nie, word die resultate van albei studies hieronder bespreek.

Aangesien slot-/t/ by die v.d.w. (soos by die pv.) 'n morfologiese element is waar by implikasie meer as net klankverandering op die spel kan wees, bekijk Scholtz telkens eers die verlies van slot-/t/ na 'n stemlose kons. buite die werkwoordsvorme, waar /t/ bloot deel is van die stam¹⁵¹. Op grond van volop voorbeelde veral in die KT van 1750 tot 1787, kom hy in die 1958-artikel tot die gevolgtrekking "dat 'n tendensie tot apokopee wat in die 17e-eeuse Holl. aanwesig was, hom ná 1652 aan die Kaap voortgesit het en dat die apokoperingsproses teen die middel van die 18e eeu voltooi was"¹⁵². Wat /t/ na 'n stemlose kons. by die 3e pers. ekv. van die pv. betref, vind Scholtz o.a. dat dit in die KT van 1750 tot 1787 20 keer voorkom maar 30 keer ontbreek, en lei uit al sy gegewens af dat /t/ "in hierdie vorme rondom 1750 nie meer in Kaapse taal uitgespreek is nie"¹⁵³.

Slot-/t/-verlies na 'n stemlose kons. is egter by die reëlmatige v.d.w. vanaf 1750 tot 1787, en selfs tot 1800, beperk tot ongeveer 11% van die v.d.w., by Wikar afwesig, en by Duminy "taaml'k gewoon"¹⁵⁴. Samevattend kan Scholtz stel dat die tendensie tot apokopee na 'n stemlose kons. waardeur die fin. ww.-vorme rondom 1750 hulle /t/ verloor het, eers "iets later" by die v.d.w. sy beslag gekry het¹⁵⁵.

Slot-/t/-verlies by die pv., na 'n stemhebbende klank, word onder die "opheffing van persoonsonderskeid" behandel. Dit val Scholtz in sommige van sy bronne op dat "n -t veel makliker na steml. as na stemh. kons. weggelaat word"¹⁵⁶. Na 'n stemh. kons. begin /t/ eers vanaf 1769 in die KT wegvall. Scholtz neem egter aan dat die persoonsverskil teen 1750 opgehef is¹⁵⁷, op grond van die feit dat ons vanaf 1776 in die KT 3e pers.-vorme soos reij, houw, lij - waar ook die stam-/t/ verlore gegaan het - aantref en op grond van die vorme van hebben en zijn wat vanaf 1770 aangetref word¹⁵⁸. Trigardt skryf nog dikwels die /t/ na 'n stemh. klank, in 'n tyd (eerste helfte van die 19e eeu) toe dit by

skrywers soos Boniface, Meurant en Bezuidenhout so goed as verluyn het; daarom meen Scholtz "dat ons aan die veelvuldige skryf van 'n -t ná stemh. kons. in 'n tyd wanneer vorme daarsonder al dikwels optree, nie baie waarde moet heg nie", te meer omdat hierdie -t nie met die heersende fonologiese sisteem in stryd is nie¹⁵⁹.

Van die v.d.w. sê Scholtz dat die "analogiese wegval van die suffiks ook ná stemh. klank ... in ons bronne pas laat te voorskyn kom"; die bronne dui daarop dat die /t/ later weggeval het as by die pv.; uit Meurant en Bezuidenhout blyk origens wel dat "die Afr. toestand al voor 1850 bereik was". Weer eens is hierdie -d of -t geskryf nadat dit al lank nie meer uitgespreek is nie, waarskynlik onder "die invloed van die byvoeglik gebruikte dwe. wat tot vandag toe in baie gevalle die uitgang na stemh. klank bewaar het (bv. geïnteresseerd, geleerd, ontwikkeld, teleurgesteld, vermoed, verwonderd)"¹⁶⁰. Scholtz doen dus wat betref /t/-verlies na 'n stemh. klank 'n groter beroep op skrywerskonserwatisme as elders.

Die 1972-hoofstuk bring die volgende verstellings aan hierdie beeld: waar /t/-verlies na 'n steml. kons. by die v.d.w. eers "iets later" as 1750 geplaas was, staan dit nou vir hom vas "dat die dentale suffiks ook in die volt. dwe. teen 1750 geapokopeer was". Uit die tydperk 1746-70 kan "byna veertig gevalle" by 'n verskeidenheid van skrywers aangehaal word. Scholtz gee voorbeelde op /s/, /x/, /f/ en /k/; hy meld egter nie in hoeveel gevalle die slot-/t/ behou is nie)¹⁶¹. Uit die tydperk 1679-1739 word egter net voorbeelde op /x/ en /k/ gegee, ook by verskillende skrywers¹⁶². Scholtz kom nou tot die gevolgtrekking "dat die apokopee van [t] in werkwoordsvorme (persoonsvorme en volt. dwe.), d.w.s. as morfologiese element, gelyktydig met die apokopee van [t] as eindklank van die stam in alle woorde plaasgevind het", sodat in al hierdie gevalle /t/ na vyftig jaar reeds volgens 'n dwingende fonologiese reël afgewerp is¹⁶³ - teen 1700, dus.

In verband met die verlies van slot-/t/ na 'n stemh. klank by pve., vind Scholtz sy vroeëre gevolgtrekking

bevestig deur heelwat vorme met verlies na /l, m, n, r/ vanaf kort na 1750, asook voorbeelde van hiperkorrekte /t/ in die le pers. ekv. Voor 1750 is die verlies en hiperkorrekte toevoeging van /t/ na liquida en nasaal ewenwel baie skaars, en daar is ook geen voorbeelde van die tipe ry, draai, ens., in die eerste helfte van die 18e eeu nie¹⁶⁴.

Wat die v.dw. betref (verlies na 'n stemh. klank): enkele voorbeelde op /n, r/, uit die tydperk 1674-1746, kom aan die lig. Van groot betekenis ag hy egter die "uitvoerige rekeningboek van die Duitser Kreuzmann", uit 1713-9, wat "byna konsekwent sy reëlmatige volt. dwe. sonder -d (skryf), tot sewentig keer toe". Volgens Scholtz moes hy òf dié vorme van sy Hollandse medeburgers oorgeneem het, òf hulle was "kenmerkend van 'n soort Kaapse vreemdelinge-Ndl. van die tyd"¹⁶⁵. Ten spyte van die feit dat v.dwe. met /t/-verlies in die tweede helfte van dié eeu verder skaars bly, neem Scholtz aan dat die vorme op liquida of nasalis sonder /t/ "in die eerste desennia van die 13de eeu al gewoon in Kaapse Holl. was" en dat die /t/ na diftong "die langste stand gehou (het) maar ... moontlik ook al vroeg in die 18e eeu aan die verdwyn (was)"¹⁶⁶.

Die standpunte wat uit die 1958-artikel en die 1972-hoofstuk afgelei kan word, t.o.v. die tydstop waarop /t/-verlies hom in die spreektaal sou voltrek het, word in die skema hieronder vereenvoudig waergegee:

	tussen 1700 en 1750	1750	na 1750
<u>Scholtz 1958:</u>			
na steml. klank:		pv. ⁿ¹⁶⁷ nie-wwe. ⁿ¹⁶⁸	v.dw. ⁿ¹⁶⁹
na stemh. klank:		pv. ⁿ¹⁷⁰	v.dw. ⁿ¹⁷¹
<u>Scholtz 1972:</u>			
na steml. klank:	pv., v.dw.; nie-wwe. ⁿ¹⁷²		
na stemh. klank:		pv. ⁿ¹⁷³ v.dw. ⁿ¹⁷⁴	

Hieruit blyk dat waar die tydsverkil volgens die 1958-artikel veral saamhang met die morfologiese kontras pv./v.dw., dit volgens die 1972-hoofstuk veral met die fonologiese kontras steml./stemh. by die voorafgaande klank saamhang.

Scholtz se versigtige, gebalanseerde en feitegetroue beskrywing van slot-/t/-verlies in die ontwikkelingsgang van Afr. moet as model dien vir enige verdere werk op dié terrein. Die soort kritiek wat op sy benadering gelewer kan word, is reeds hierbo (par. 2.4.1) behandel, en hoef nie hier herhaal te word nie. In die lig daarvan kan net daarop gewys word dat in sowel die 1958-artikel as in die 1972-hoofstuk gevolgtrekkings meermale geformuleer word as sou 'n bepaalde taalverandering (in die spreektaal) teen 'n bepaalde datum afgehandel/voltooi wees, vgl. die opskrif "Gatalsverskil teen 1750 opgehef"¹⁷⁵. In een geval word bv. gestel dat "in die KT ... woorde met geapokopeerde t tussen 1750 en 1787 so volop (is) dat ons op grond daarvan alleen wel mag aanneem dat die verskynsel in dié tyd al in Kaapse taal voltrek was"¹⁷⁶ - waar "volop" 'n subjektiewe waardebeplating bly.

Verder laat Scholtz m.i. te min ruimte vir die moontlikheid dat die variasie van woorde met en (deur verlies) sonder slot-/t/ in tekste ook variasie in die uitspraak kan verteenwoordig, al sê hy dat die studie van Kaapse argiefmateriaal geleer het "dat wysigings wat die Hollandse taal aan die Kaap ondergaan het, in baie opsigte 'n meer geleidelike proses was as wat teoreties dikwels gemeen het"¹⁷⁷.

Vooruitlopend op die variasie-gerigte metode wat hieronder ontwikkel word, kan egter daarop gewys word dat die siening van Scholtz, veral in die 1958-artikel, heelwat nader daaraan staan as bv. 'n uitspraak soos die volgende van Van den Berg: "Het feit dat t-loze participia in de gebruikte bronnen in dezelfde tijd optreden als t-loze persoonsvormen, pleit tegen de veronderstelling, dat de persoonsvormen eerder hun -t verloren hebben dan de participia"¹⁷⁸, waar statistiese verskille m.i. ten onregte oor die hoof gesien word.

2.4.2.3 Slot-/t/-verlies : 'n aanvullende studie deur F.C. Snyman

Die apokopee van slot-/t/ in Afr. het die tema geword van 'n indringende studie deur F.C. Snyman. Hy probeer 'n geheelbeeld van die verskynsel gee deur o.m. aan te sluit by wat vir Ndl. gevind is, self die Ndl. materiaal aan te vul en hiante te vul in die Kaaps-Nederlandse materiaal. 'n Opvallende kenmerk van sy studie is die sociolinguistiese geleiding volkstaal/beskaafde taal/amptelike taal wat hy hanteer¹⁷⁹; die gegewens wat hy uit amptelike koloniale Ndl. put, is veral 'n belangrike bydrae, en kom hieronder weer aan die orde.

Anders as in Nederland, is dit aan die Kaap - o.m. weens 'n gebrek aan biografiese gegewens - moeilik om tussen volkstaal en beskaafde taal te onderskei, en hy wil die toestand aan die Kaap dan ook altyd sien "teen die agtergrond van die volkstaal én die beskaafde omgangstaal in Nederland"¹⁸⁰. Ter aanvulling van bestaande gegewens (veral van Scholtz), put hy hier veral uit burgerbriewe aan die owerhede¹⁸¹ en reisjoernale¹⁸². Die gevonde gegewens is in 'n hoë mate aanvullend t.o.v. wat reeds deur Scholtz behandel is, ofskoon in sommige gevalle selfs 'n vroeër tydperk gedek word.

Wat die ww. betref, vind Snyman¹⁸³ heelwat voorbeelde in burgerbriewe aan die Politieke Raad; min in die reisjoernale. Na steml. kons. noem hy pve. soos strek (1688/9), heeff (1656 - direkte rede) en versoek (waarsk. 1716) met apokopee, en daarnaas hiperkorrekte le pers.-vorme soos heeft (1780), spreekt en verootmoedicht (lg. albei 1778)¹⁸⁴. As voorbeelde van v.dwe. met apokopee, noem hy gekwezt (1688/9), geplaats (1718), verplaats (1723) en afgevaardig (1779). Na 'n stemh. kons. vind hy 'n paar hiperkorrekte pve. van die le pers. ekv., t.w. verclaart, woont, stuurt, kunt, hebt, vanaf 1778¹⁸⁵.

Buite die ww., na steml. kons., vind hy vbe. soos die eiennaam Delf, indispoos, kis, (Land-)dros, respeck, dasstrek, eers - hiervan elf gevalle uit 1655-1725: 'n

belangrike aanvulling van Scholtz se materiaal. Uit hierdie tydperk noem hy ook hiperkorreksie soos toebackt (1655), onlangst (1716), uijtspraak (1720), graft (Afr. graf - 1704) en stuijftmeel (1723). Na 'n stemh. kons. vind hy nie veel nie: uit die laaste derde van die 18e eeu in die KT vorme soos honder, moster (eienaam), deijzen (= 1000) en hiperkorrek burgert (as eie- en soortnaam)¹⁸⁶.

Snyman sien, wat die "aard, voorkoms en frekwensie" van die geapokopeerde vorme betref, 'n duidelike verband tussen die Kaapse stof (soos deur homself aangevul) en die Ndl. spreektaal van die 17e en 18e eeu, soos ons dit o.m. leer ken uit Van den Broecke se joernale (eerste derde, 17e eeu) en Raidt se argiefmateriaal (Cortenhoeff: 2e helfte, 17e eeu, en Jan Wes: 18e eeu)¹⁸⁷.

Om meer lig te werp op die eerste vyftig-estig jaar van Kaapse taalgeskiedenis, betrek Snyman ook 'n bron wat tot dusver oor die hcof gesien is, nl. amptelike koloniale Ndl. soos ons dit vind in die amptelike geskrifte van Kompanjieamptenare aan die Kaap. Snyman het nl. vermoed - op grond van die baie spreektaalelemente wat in die beskaafde omgangstaal van die Ndl. stede voorkom - "dat party skrywers se gewestelike spreektaal hier en daar sou deurskemer"¹⁸⁸. Hierdie vermoede word deur 'n hele aantal gewens bevestig; die belangrikstes uit die tydperk voor 1700 is o.m. die volgende (sommige kom meermale voor; sommige het 'n adjektiwiese waarde): Na 'n steml. kons., v.dwe.: versterck, geplaats, gebruijck, bestoock, aangemerck, vermaagschap, gemaeck, gebrantmerck; pve.: derff, blijff, loop, bederff, soch, pas (en met hiperkorrekte t: aantroft, toedroegt, die mod. ww. macht)¹⁸⁹, en buite die ww.: hooff wacht, diens, amp, marck, oostcus, stip (byw.), gewich, jach, die eiename Delf(f) en Gresnig (met hiperkorrekte t: vertrekt, overecht (b.nw.), strafft, taxt, versoeckt, gerieft, vrundschaft, langst (voors.), gracht (Afr. graf), lost, opt (voors.), oneyndicht)¹⁹⁰. Na 'n stemh. kons., v.dwe.: gestel, gewacker, verbeter, q'arrestear, gehandel, geteeken¹⁹¹; by die pv.: prejudiceer, kom, stel¹⁹²; buite die ww.: tractemen, seder (voors.),

aanteel, boor, en die eiename Mostaer, Maer (en met hiperkorrekte t: gemeent (s.nw.), geluijt, tijdsversuimt)¹⁹³.

Die amptelike dokumente het ook vir die tydperk na 1700 heelwat voorbeelde opgelewer¹⁹⁴, ofskoon baie min - selfs minder as in die voorafgaande tydperk - met verlies na 'n stamh. kons.¹⁹⁵ en by die ww., na stamh. kons., slegs voorbeelde van v.dwe.¹⁹⁶. Snyman kom op grond van bost. gegewens¹⁹⁷ tot die gevolgtrekking "dat apokopee van die slot- [t] en die daarmee gepaardgaande hiperkorreksie na beide stemlose en stemhebbende klank reeds in die 17de eeu in die Kaapse amptelike taal voorkom". Omdat dit hier om geoefende skrywers met 'n betreklik hoë onderwyspeil gaan wie se "ontsporings" volgens Snyman eerder na hulle beskaafde spreektaal as na skryffoute, ens., sal heenwys, beskou hy hierdie gevalle as 'n baie sterk aanduiding "dat die apokopee ook aan die Kááp in die 'beskaafde' taal naas die plat volkstaal voorgekom het"¹⁹⁸. Tog vind hy die gegewens nog "te sporadies" om (met Kloeke) apokopee reeds teen 1662 as 'n toonaangewende kenmerk van Kaapse taal te beskou. Hy kan egter konkludeer dat "geapokopeerde vorme ... dus seker, sy dit dan sporadies, selfs in die spreektaal van die destydse beskááfte kringe aan die Kaap gehoor (kon) word"¹⁹⁹.

2.4.3 Die variasie-gerigte model

2.4.3.1 Inleiding

Waar 'n taalelement op meer as een manier gerealiseer kan word of daar 'n keuse is tussen realisering en nie-realisering daarvan (vgl. die persoonsuitgang -s in Negerengels), weifel taalgebruikers dikwels en realiseer nou dié, dan daardie vormvariant, of realiseer nou, en laat dan weer weg. Hierdie "weifeling" kan hom op verskillende gebiede van die grammatika openbaar; in die morfologie en fonologie is dit egter besonder opvallend. Amerikaanse sosiolinguïste soos Labov, Wolfram en Fasold het in hulle studies van veral gesproke, grootstadse Amerikaanse Eng. aangetoon

(en meermale onafhanklik) dat die variasie uitermate sistematies is wat betref die differensiërende rol van taalfaktore soos die fonologiese konteks of morfologiese funksie van 'n taalelement, en buitetaalse faktore soos die ouderdom, geslag of maatskaplike stand van die spreker of die formaliteit van die spreek situasie. Die sistematiese aard van variasie in die spreektaal kan vandag nie meer betwyfel word nie; dat sommige variasieverskille uit taaluniversalia voortvloei, het 'n moontlikheid geword om mee rekening te hou. Onderzoekers verskil egter nog van mening wat betref die algemene teoretiese status van variasiepatrone binne die grammatika en die spesifieke interpretasie wat hulle binne die teorie moet kry²⁰⁰.

Sistematiese variasie is nie tot die spreektaal beperk nie. Moore het reeds in die twintigerjare die verlies van slot-n in vyftien Middel-Eng. tekste uit die twaalfde eeu ondersoek en op grond van 5854 vorme vasgestel dat die n in slegs 11% van die meervoudige swak s.nwe. en 15% van die sterk s.nwe. in die datief mv. weggeval het, teenoor 38% by die ekv. van die swak s.nwe., 50% by swak b.nwe. en 43% by die datief, ekv. en mv., van sterk b.nwe., waaruit duidelik blyk dat die slot-n in die funksionele rol van meervoudsaanduiders by die s.nw. statisties minder geneig was tot verval as elders²⁰¹.

'n Belangrike hiaat in ons kennis, en een wat in die kader van hierdie studie nie gevul kan word nie, is die verhouding van sistematiese variasie in 'n bepaalde geskrif tot die variasiepatrone in die skrywer se spreektaal. Moore neem in verband met sy materiaal bv. aan: "... the scribes did not pronounce the final n's they failed to write, but we are not justified in assuming that they pronounced all the final n's they did write"²⁰². Die aanname dat variasie in die skryftaal simptomaties kan wees van variasie in die spreektaal geld ook as 'n belangrike aanname in die analise van die Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekste hieronder.

Die gedagtegang wat hieronder gevolg word in die interpretasie van variasie in die onderhawige tekste, is die volgende:

- (a) Enige sistematiese patroon (in teenstelling met die blote aanwesigheid) van variasie in 'n teks, wat 'n moontlike patroon in die spreektaal is, moet as 'n weerspieëling van 'n onderliggende spreektaalpatroon beskou word tensy die onhoudbaarheid hiervan in 'n bepaalde geval aangetoon kan word.
- (b) Die variasie van /t/-hebbende en /t/-lose woorde vorm 'n sistematiese patroon in al die Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekste.
- (c) Lg. patroon is - met enkele voorbehoude, wat later behandel sal word - 'n moontlike spreektaalpatroon.
- (d) Die variasiepatroon van /t/-verlies in die tekste moet dus - met bg. voorbehoude - as 'n weerspieëling van 'n egte spreektaalpatroon aanvaar word.

In die res van hierdie par. word die variasieverskynsel in mod. Amerikaanse Eng. uitvoeriger toegelig, as agtergrond vir die wyse waarop dit verderaan in Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekste ontleed word.

2.4.3.2 Die model

Die navorsingsgeskiedenis van variasieverskynsels is in-duktief eerder as hipoteties-deduktief gekleur: 'n massa gegewens en groot patroonmatigheid is vroeg reeds gevind, terwyl 'n duidelike interpretasie van die status van hierdie patrone nog nie gegee kon word nie. Met ander woorde: daar is patrone, maar waarvan is hulle patrone? Laat ons kortliks na enkele empiriese aspekte van sistematiese variasie kyk, en dan na enkele teoretiese beskouings wat na aanleiding daarvan ontwikkel het.

Die faktore wat variasie in die hand werk of strem (ook bekend as "constraints"²⁰³) kan in twee groepe verdeel word: buitetaalse (veral sosiale) faktore en taal-interne of gewone taalfaktore. Die groepe word hieronder kortliks beskryf.

Labov²⁰⁴ toon duidelik aan dat vir 'n bepaalde variabele taalverskynsel die getal realisasies wat waargeneem kan word gewoonlik eweredig (of omgekeerd eweredig) is aan die maat-

skaplike stand van die spreker, in sy geval beoordeel volgens 'n maatskaplike stratifikasie wat deur sosioloë, met maatskaplike kriteria en sonder om 'n taalkundige doel voor oë te hê, opgestel is²⁰⁵. Dieselfde soort korrelasie vind ons ook tussen getal realisasies en graad van formaliteit van die spreeksituasie²⁰⁶. Waar 'n versameling variasiegegewens gelyktydig volgens maatskaplike stratifikasie en formaliteit van die spreeksituasie geklassifiseer word²⁰⁷, is die reëlmatigheid van die patroon meestal baie opvallend. Verdere buitetaalse faktore wat 'n rol kan speel, is die geslag van die spreker²⁰⁸, die etniese groep waarvan hy deel uitmaak²⁰⁹ en die ouderdom van die spreker²¹⁰. In soverre sprekers geneig is om fonologiese en grammatiese patrone wat hulle in hulle jeug aangeleer het, te behou, is dit moontlik om, met ouderdomsgroep as veranderlike, die proses van taalverandering in "skynbare" ("apparent") tyd - in teenstelling met "werklike" ("real") tyd - waar te neem soos dit voortdurend in die gemeenskap aan die gang is²¹¹. Sommige van hierdie buitetaalse faktore het al ter sprake gekom in die beskrywing van die geskiedenis van Afr., bv. die stilistiese onderskeid volkstaal/beskaafde omgangstaal/amptelike taal by Snyman²¹² en etnisiteit by Smuts²¹³. 'n Noukeurige bepaling van die rol van buitetaalse faktore sal veral in die Kaaps-Ndl. tekste moeilik wees as gevolg van 'n tekort aan biografiese besonderhede; hulle word dan ook in hierdie studie verwaarloos.

Gewone taalfaktore waarvan die invloed op variasie al nagegaan is, is bv. - vir slot-/d/-verlies by swart en Puerto-Rikaanse adolessente van New York City - die beklemtoonheid al dan nie van die sillabe met /d/ (waar gevind is dat swak klem verlies van /d/ bevorder), die status van /d/ as stameindklank of uitgang (met minder verlies in lg. geval) en: 'n daaropvolgende vokaal of nie-vokaal (met minder verlies indien die /d/ voor 'n vokaal staan²¹⁴). Wolfram²¹⁵ gaan in die Negereng. van Detroit o.m. die verlies van slot-/z/ (met verskeie fonetiese realisasies) na om vas te stel of die grammatiese verskille tussen die /z/ as uitgang onderskeidelik van die 3e pers. ekv. van

die pv., die besitlike vorm van die s.nw. en die mv. van die s.nw. 'n differensiërende rol speel by sprekers met variasie. Hy vind dat die drie grammatiese funksies as faktore in bg. volgorde afnemend /z/-verlies bevorder²¹⁶.

'n Bepaalde patroon of hiërargie word meestal bevestig wanneer afsonderlike stellinge gegewens vir verskillende maatskaplike stande verkry word. So stel Wolfram vas dat die bg. grammatiese hiërargie vir /z/-verlies ondanks 'n groot afname in werklike verliespersentasie vanaf die laer werkersklas tot die laer middelklas gehandhaaf bly; by die hoër middelklas val die drie faktore naby 0% saam²¹⁷.

Ofskoon daar meestal by variasie 'n kondisionerende faktor gevind kan word, word die bestaan van vrye variasie nie deur Labov ontken nie; hy waarsku egter dat so 'n aanname nie moet berus op gebrekkige empiriese ondersoek na moontlike faktore ("causes or conditions") nie²¹⁸.

Op 'n hêr vlak van analise bestaan daar prosedures waarvolgens vasgestel kan word watter een van 'n aantal faktore wat saam 'n variasiepatroon tot gevolg het, die sterkste is (en wat die relatiewe sterkte is van die ander) en of 'n faktor grammaties of fonologies van aard is. 'n Prosedure vir die vasstelling van relatiewe faktorsterkte word deur Labov aan die hand gedoen²¹⁹. Waar 'n grammatiese element variabel is, is dit volgens Wolfram en Fasold nie altyd duidelik of die variasie deur 'n fonologiese dan wel deur 'n grammatiese faktor veroorsaak word nie²²⁰; in die lig van die gegewens wat hieronder ontleed word, is dit belangrik om kortliks te wys op die leidrade wat gevolg is om tot 'n beslissing te kom.

Dit het bv. geblyk dat slot-/d/ in die verskillende soorte nie-standaard-Eng. waarin dit o.a. as (-ed)-uitgang van die verlede tyd ("past tense"), v.d.w. en denominale adj. voorkom, bloot a.g.v. "uitspraakreëls" ("pronunciation rules") verdwyn. Die verdwyning van die /-s/- (of -es)-uitgang van die mv., besitsaanduiding en die pv. in 'n aantal van dieselfde dialekte is weer 'n grammatiese verskynsel. Drie argumente word hiervoor aangevoer:

- (a) Vir sowel d as s is daar 'n aantal homonieme waar die betrokke klank ener syds as uitgang optree en andersyds bloot deel van die stam is, bv. missed/mist en laps/lapse. Terwyl albei /t/'s in dieselfde kontekste ("constraints") "and even at comparable frequency levels" verval, verval stam-/s/ baie selde in dialekte waarin die /s/-uitgang verval, en dan nog onder ander omstandighede.
- (b) Wanneer die /d/-uitgang as [ɪd] gerealiseer word (bv. in lifted), verval dit baie minder dikwels as wanneer dit bloot as [t] of [d] gerealiseer word; daar is egter geen verskil in delesefrenkwensie tussen /s/ gerealiseer as [ɪz], ener syds, of as [s] of [z], andersyds, nie. Die grammatiese status van die [s]-uitgang maak egter wel 'n verskil in relatiewe delesefrenkwensie, soos hoërop al aangedui.
- (c) Onreëlmatige verledetydsvorme met slot-/d/, soos told, word by verlies tol' (nie tell nie - vgl. ook lef' en slep'); onreëlmatige 3e pers.-vorme met slot-/s/, daarenteen, bv. has, does, says, word by /s/-verlies nie bv. ha', doe', ens. nie, maar have, do, ens.

Die verskynsel van variabiliteit staan empiries sterk, maar om vir die linguistiek van belang te wees, moet dit ook mentalisties wáár wees, m.a.w. die manier waarop kinders variasiepatrone ontwikkel op die basis van die taal-aanbod en die meganismes waarvolgens taalgebruikers hulle hanteer, moet uiteindelik 'n psigologiese korrelaat kan hê. Bailey stel dit so: "One should eschew theories for which no plausible mode of acquisition and storage can be suggested"²²¹. Juis t.o.v. die aard van hierdie meganismes heers daar egter onsekerheid, met die gevolg dat die empiriese gegawe deur verskillende navorsers op verskillende maniere geïnterpreteer word.

Dit val buite die doel van, en buite die moontlikhede van die gegewens beskikbaar vir die onderhawige ondersoek,

om 'n keuse te maak tussen die verskillende teoretiese interpretasies van die variasieverkynsel. 'n Aantal teoretiese benaderings, soos deur Wolfram en Fasold onderskei, word egter hieronder kortliks weergegee om te illustreer dat variabiliteitsgegewens wel 'n teoretiese onderbou het.

Wolfram en Fasold²²² beskryf die belangrikste interpretasiemodelle wat binne die algemene teorie i.v.m. die verkynsel van variabiliteit hanteer word, gerangskik in 'n volgorde waarvolgens steeds groter taalvermoë ("capability") by die taalgebruiker veronderstel moet word. Hierdie modelle, gegee in die vorm van aannames, is kortliks die volgende (beginnende by die "swakste"):

- 1) Die taalgebruiker is slegs in staat om te onderskei tussen opsionele en verpligte reëls²²³.
- 2) Die taalgebruiker weet watter reëls opsioneel is, maar bowendien wat die faktore is wat die werking van die reël bevorder²²⁴.
- 3) Die taalgebruiker is daarvan bewus ("recognizes") dat sommige reëls variabel is, is in staat om die faktore te identifiseer wat die werking van die reël bevorder, en weet ook in watter hiërargiese orde hulle staan²²⁵.
- 4) Benewens bost., weet die taalgebruiker ook hoeveel sterker 'n hoër orde-faktor ("constraint") is as een van 'n laer orde²²⁶.
- 5) Die taalgebruiker weet wat die wiskundige waarskynlikheid ("probability") is waarvolgens elke faktor bydra tot die reël se toepassingsfrekwensie (sodat hy uiteraard ook die hiërargie ken van die faktore t.o.v. mekaar²²⁷).
- 6) Die taalgebruiker se kennis omvat alle faktore wat reëltoepassing teen 'n bepaalde frekwensie waarborg.

Wolfram en Fasold stel dat die teorie wat in hierdie verband gekies moet word enersyds nie aspekte van taal moet insluit wat afleibaar is van "general probabilities on events in the world" of algemene menslike vermoëns wat nie

tot taal beperk is nie, en andersyds nie in gebreke moet bly om vermoëns in te sluit wat in werklikheid wel deel uitmaak van die mens se taalbeheer nie²²⁸. Ofskoon nog nie uitgemaak is wat die beste teorie is nie, meen Wolfram en Fasold tog dat die twee "swakste" teorieë (1 en 2 hierbo) en die "sterkste" (6 hierbo) "can be safely ruled out", en wil hulle aanneem dat die korrekte teorie ten minste in staat sal wees om die faktore ("constraints") in hulle hiërargie te hanteer en miskien ook om die waarskynlikheid van elk te voorspel²²⁹.

2.4.3.3 Toepassing op Kaaps-Ndl. en vroeë Afr.

Vervolgens wil ek nagaan in hoe 'n mate die model wat hierbo beskryf is op die Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekste toepasbaar is, en wat die vernameamste faktore is wat slot-/t/-verlies tydens die wording van Afr. bepaal.

Wolfram haal 'n aantal kriteria, deur Labov opgestel, aan, waaraan 'n linguistiese variabele moet voldoen²³⁰:

"(1) The variable should be high in frequency; (2) the variable should have a certain immunity from conscious suppression; (3) the variable should be an integral part of a larger structure; (4) the variable should be easily quantifiable on a linear scale".

Na aanleiding van elkeen van bost. punte, kan die volgende opgemerk word:

- (1) Woorde waarin slot-/t/-verlies kan plaasvind, vind ons in sommige van ons tekste byna in elke sin, en die faktore wat ondersoek sal word, speel almal dikwels 'n rol.
- (2) Fonologiese faktore word - altans in die spreektaal - oor die algemeen as redelik immuun beskou, morfologiese faktore iets minder. Die tipe faktore wat hieronder onderskei word, is al dikwels betrek by variabiliteitstudies van die spreektaal.
- (3) Die faktore wat bestudeer word, speel almal 'n rol binne die oorkoepelende proses van slot-/t/-verlies.
- (4) Kwantifisering van die faktore se uitwerking en

hulle vergelyking op 'n lineêre skaal, lewer geen probleem nie.

Verder kan miskien gevra word of die hoeveelheid materiaal toereikend is. Wolfram se 1969-studie is bv. gebaseer op 700 onderhoude met 48 informante, benewens 'n kontrolegroep²³¹; dié van Fasold (1972) op gegewens van 47 informante²³². In vergelyking met die hoeveelheid materiaal wat in dié studies gebruik word, bly die hoeveelheid Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. materiaal waarskynlik veragter; 'n gebrek aan materiaal is egter 'n algemene struikelblok in historiese werk en kan moeilik uit die weg geruim word²³³.

Nog 'n vraag is of die variasie-gerigte model wat hoërop uiteengesit is, op geskrewe tekste toegepas kan word. Omdat kontrolestudies, waarin variasiegegevens uit 'n bepaalde taalgebruiker se skryf- en spreektaal met mekaar vergelyk word, tot dusver by my wete ontbreek, is dit voorlopig nie moontlik om hierdie vraag te beantwoord nie. Ons kan a priori verwag dat geskrewe tekste oor die algemeen nader aan formele as aan informele spreektaal staan, en dat die relatief langsame skryfhandeling en sekere skryfkonsensies (bv. die skeiding van woorde d.m.v. spasies) sekere spreektaalfaktore (bv. die invloed, op 'n slotklank, van die beginklank van die volgende woord) mag uitskakel. As ons die Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekste egter vergelyk met die hiërargie van toenemende formaliteit wat deur Wolfram en Fasold as voorbeeld genoem word, nl. "Spontaneous Conversation - Reading Passages - Word Lists - Minimal Word Pairs", waar elkeen van dié punte "indicates a different level of awareness with respect to speech"²³⁴, lyk dit nie asof ons geskrewe tekste tot die formeelste moontlike styl tipe behoort nie. Bowendien is ons tekste oorspronklik²³⁵, terwyl die vyftien tekste waarin Moore (vgl. hoërop) sistematiese variasie gevind het, "twelfth century transcriptions of works that were originally composed in the tenth or eleventh century" is²³⁶.

Die hoofdoel van die studie van variasie is om vas te stel watter faktore 'n sistematiese differensiërende rol speel in 'n bepaalde taaltoestand of -verandering, en wat die verhouding van die faktore t.o.v. mekaar en wat hulle relatiewe sterkte is. Dit is reeds oorvloedig aangetoon dat daar in die Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. materiaal veral twee faktore werksaam is: (a) 'n suiwer fonologiese faktor, nl. die stemhebbendheid al dan nie van die voorafgaande segment²³⁷, en (b) 'n nie-fonologiese faktor waarvan die presiese aard nog nie volledig bekend is nie (en waarvan die onderlinge verhouding o.m. deur Scholtz (1963) en Scholtz (1972) verskillend beoordeel word). Die bestaan van hierdie faktore word bevestig as eienskap van die taalvermoë van afsonderlike skrywers van Kaaps-Ndl. en vroeë Afr., selfs by skrywers van wie slegs 'n klein hoeveelheid teks oorgelewer is. Scholtz gaan die verlies, na 'n steml. kons., van stameind-/t/ by woordsoorte soos die s.nw. na om die werking van 'n suiwer fonologiese reël aan te toon²³⁸; met variasiegegewens tot ons beskikking is dit nou moontlik om die verhouding van slot-/t/-verlies buite en binne die ww. noukeuriger met mekaar te vergelyk, en sodoende die grense van die fonologiese faktore beter te belig.

2.4.4 Die materiaal

2.4.4.1 Aanbieding van die materiaal

By 'n variasieanalise moet die ondersoeker vlg. Wolfram en Fasold allereers die "total population of utterances in which an item may 'naturally' vary", identifiseer, en omgewings wat nie vir variasie onderhewig is nie, stelselmatig vermy²³⁹. So word in die onderhawige ondersoek pve. soos gaat (wat nooit aan slot-/t/-verlies onderhewig is nie en later deur gaan verdring word), gat (waar uitgangs-/t/ met stameind-/t/ saamval en slot /t/ tot in mod. Afr. behoue bly) en meestal ook heaf(s) (wat nie alleen met heef nie, maar in die 3e pers. ook met heft), het (kontrasteer) buite rekening gelaat. Die s.nw. landdros kom van so vroeg

af so dikwels sonder slot-/t/ voor dat dit wil voorkom asof die woord vroeg reeds sonder /t/ geleksikaliseer is; tog kan ons dit nie sonder meer aanneem nie, en word die woord saamgetel. Frekwent en konsekwent, en moontlik geleksikaliseer, is by Trigardt bees (altyd sonder /t/) en by Johanna Duminy nigt (altyd met /t/); elke geval word egter saamgetel, omdat dit moeilik is om geleksikaliseerde konsekwentheid (by baie tokens) af te grens van toevallige konsekwentheid (by 'n klein aantal of) by een skrywer.

Wolfram en Fasold waarsku voorts dat "quite unmanageable data" o.m. verkry kan word indien type/token-verhoudings nie in ag geneem word nie²⁴⁰, 'n probleem wat 'n ondersoeker al probeer vermy het deur by elke type net na die variabiliteit van die eerste drie tokens te kyk. Die gegewens wat hieronder genoem word, verteenwoordig egter alle tokens van kwalifiserende types; desondanks is die patrone wat vorendag gekom het, baie reëlmatig.

Onder "tekstkompleks" (afgekort "TK") word hieronder verstaan die totale versameling tekste wat van 'n enkele skrywer ontleed word; dit mag vir sommige skrywers beperk wees tot 'n enkele teks.

Die volgende gegewens uit verskillende TKe word hieronder met mekaar vergelyk (met die afkortings wat gebruik sal word tussen hakies):

- (a) Slot-/t/-verlies, na stemlose klank van
 - (i) die 3e pers. ekv. pres.-uitgang van die pv. (pv SL);
 - (ii) die uitgang van die swak (en onreëlmatige) v.dw. in suiwer werkwoordelike gebruik (vdw SL);
 - (iii) die stameindklank buite die ww., of kortweg, nie-ww. (alle woordsoorte, tensy anders aangedui) (nww SL).
- (b) Slot-/t/-verlies, na stemhebbende klank, van
 - (i) die 3e pers. ekv. pres.-uitgang van die pv. (pv SH);
 - (ii) die uitgang van die swak v.dw. in suiwer werkwoordelike gebruik²⁴¹ (vdw SH).

In elkeen van hierdie vyf kategorieë (d.w.s. (a)(i) tot

(b)(ii)) is deur telling vasgestel (1) in hoeveel gevalle van potensiële slot-/t/-verlies die /t/ afwesig is, en (2) in hoeveel gevalle dit aanwesig is; is die breuk

$$(1)/(1) + (2)$$

as 'n persentasie uitgedruk; en word hierdie persentasie van slot-/t/-verlies as 'n vertikale balk in 'n grafiek voorgestel met $1\% = 1 \text{ mm.}$ ²⁴² In die onderstaande grafieke stel die vyf balke van links na regs die kategorieë (a)(i) tot (b)(ii) voor. Aan die basis van elke grafiek word die eerste drie balke met 'n lyn verbind; hulle stel slot-/t/-verlies na 'n steml. klank voor. Die laaste twee balke - ook aan die basis verbind - stel slot-/t/-verlies na 'n stemh. klank voor.

Die patroonmatigheid van die onderhawige gegewens bestaan veral in die verhouding pv./v.dw. (in twee fonologiese kontekste), enersyds, en die verhouding voorafgaande steml./stemh. klank (vir die twee soorte ww.) andersyds. E.g. verhouding word meer prominent (en dus vir onmiddellike interpretasie toeganklik) gemaak deur die bopunte van pv SL en vdw SL, en pv SH en vdw SH, met 'n streep aan mekaar te verbind. Aan die differensiërende rol van fonologiese konteks word prominensie verleen deur die bopunte van pv SL en pv SH, en vdw SL en vdw SH, met 'n gebroke lyn aan mekaar te verbind.

In die opstel van die grafieke is sover moontlik (en met erkenning) gebruik gemaak van bestaande statistiek, veral soos deur Smuts verstrekk²⁴³. Hy vergelyk nogtans nie die verskillende kategorieë regstreeks met mekaar, soos hieronder die geval is nie.

In sommige TKs, veral dié wat deur Smuts ontleed is, blyk dat die /ə/-uitgang van die mv. van die pv. in so 'n mate verdring is deur 'n (waarskynlik hiperkorrekte) /t/, dat daar nie 'n noemenswaardige verskil is tussen die persentasie /t/-lose vorme by die pres. ekv., enersyds, en die pres. ekv. en mv. saam, andersyds nie. In sulke gevalle word lg. gegewens in die pv.-kategorieë gebruik en

as sodanig aangedui. Wat kategorie nww SL betref, is by sommige tekste òf slegs gegewens oor die s.nw., òf oor die nie-wwe. in die geheel, òf albei, beskikbaar - ook dit word nader aangedui.

Om 'n so verteenwoordigend moontlike beeld van Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. te kry, is die TKe van soveel skrywers as moontlik by die ondersoek betrek. In die finale interpretasie van die gegewens word dan ook ewe veel gewig aan elke skrywer se persentasieverhoudings toegeken, solank lg. verhoudings maar berus op persentasies wat gebaseer is op 'n as norm gestelde minimum getal tokens. Vyftien tokens per kategorie word hieronder as minimumgetal beskou, omdat Labov vir die spreektaal selfs in so min tokens die patroon gehandhaaf vind. Slegs TKe wat in ten minste twee kategorieë gegewens het wat uit 15 tokens of meer bestaan, word in die hoofversameling hieronder opgeneem. (Persentasies wat op minder as 15 tokens berus, word tussen hakies geplaas). TKe se gegewens word chronologies gerangskik volgens die datum van die eerste²⁴⁴ teks. Die hoofversameling TKe is nos. (1) tot (17). Twee vroeëre TKe (A) en (B), word vooraf opgeneem om as vergelykingsmateriaal te dien. Na (17) word as (C) die gegewens van die KT (Kaapse Taalargief) - as belangrike versameling van tekste van verskillende skrywers - verstrekk, en as (D) die patroon van 'n klein teks, wat met minder as tien tokens in elke kategorie tog nog met die algemene patroon ooreenstemming vertoon.


2.4.4.2 Variasiepatrone in Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekste

Twee TKe wat insiggewend is omdat hulle in albei gevalle afkomstig is van skrywers met Kaaps-Ndl. as tweede taal en hulle variasiepatrone dan ook afwykend sal blyk te wees, word anders genommer en uiteindelik nie by die vasstelling van algemene patrone betrek nie.

Die eerste TK val net onder die frekwensiekriterium wat hanteer word. Die gegewens in (A) berus op my ontleding²⁴⁵ van 'n uittreksel wat Van Dordt gemaak het

uit 'n rekenboek (hy noem dit "Rekenboek-Joernaal") met inskrywings uit die tydperk 1713-19. Van Dordt meen dat die skrywer Arnoldus Kreuzmann is, wat in 1699 aangekom het. Die inskrywings is in baie gevalle kripties, waarmee die neiging tot woordverkorting wat ons in hierdie teks aantref, moontlik saamhang (vgl. par. 2.4.5.2.3 hieronder).

(A) A. Kreuzmann se Rekenboek-Joernaal, 1713-9²⁴⁶




Vdw SH sluit 33x gelang (konsekwent sonder /t/) in, d.w.s. daar is verlies selfs by 'n Duitse v.dw.²⁴⁷

Opvallend is ook by Kreuzmann die 12%-verlies (12/104) van stamkl-nd-/t/ na stamh. klank buite die ww., bv. honder²⁴⁸, homb x hem, maen x man(d), sun, rode san (eienaam). Hier gaan Kreuzmann dus verder as mod. Afr.²⁴⁹

Van E. Barbier, 'n Franssprekende aan die Kaap, is genoeg tekste (in gebroke Ndl.) oorgelewer vir 'n variasie-analise. Die onderstaande getalle berus op Pfeiffer se gedetailleerde gegewens²⁵⁰, met veronagsaming van voorbeelde wat nie vir slot-/t/-verlies relevant is nie. Pfeiffer se gegewens is afkomstig uit drie hofstukke uit 1739, "almal aiehandig deur Barbier geskryf"²⁵¹. Die styl is emosioneel-betogend, met 'n sterk amptelike inslag.


(B) E. Barbier, drie hofstukke, 1739²⁵²



H.J. Wikar is 'n Sweed wat in 1773 aan die Kaap aankom, amper twee jaar lank "schrijver" is in die Kompanjie se hospitaal, later 'n paar jaar lank in die binneland voortvlugtig is, en in 1779 'n verslag ("Berigt") oor sy verblyf onder die Hattentette uitbring as voorwaarde vir sy terug-

keer²⁵³. Hy was, volgens Scholtz, "die Kaaps-Holl. in 1779 klaarblyklik volkome magtig"²⁵⁴. Die styl is 'n redelik los vertelstyl; die sinsbou is selde ingewikkeld.


(1) Wikar se Berigt, 1779²⁵⁵



Die briewe in TKa (2), (4)-(7), (9), (10) en (16) - en vgl. ook (C), die KT - wat hieronder ontleed word, is oor die algemeen amptelike briewe aan die owerheid, ofskoon die mededeling meer dikwels verhalend as amptelik-formeel is en die formele dikwels beperk is tot enkele formules (wat soms nog verkeerd gebruik word).


'n Brief van M. Prinsloo, uit die KT, lewer die volgende gegewens op:

(2) M. Prinsloo, brief, 1784²⁵⁶




Fragmente, uit 1797, van 'n dagboek wat deur Johanna Duminy, 'n boervrou, gehou is, beskryf die daaglikse lewe op die plaas en 'n aantal uitstappies op 'n ongekunstelde manier. Sy maak in haar vertellings meestal van die imperfek gebruik; presensvorme is seldsaam²⁵⁷.

(3) J. Duminy, dagboekfragmente, 1797²⁵⁸




In Aantal brieven van J.C. Greyling, A.J. van der Walt en P.A. Opperman uit die KT, word saam as TKe ontlead:


(4) J.C. Greyling, briewe, 1797-1820²⁵⁹



(5) A.J. van der Walt, briewe, 1810-2²⁶⁰




(6) P.A. Opperman, briewe, 1811-6²⁶¹



Gegewens wat deur Smuts verkry is uit 'n aantal briewe van M.A. Oberholster, word hieronder gekombineer om die variasiepatroon te laat sien:


(7) M.A. Oberholster, briewe, 1819-35²⁶²



By pv SL en pv SH word die mv. ingesluit. Nww SL geld slegs s.nwe.

'n Aantal briewe in De Verzamelaar (later De Kaapsche Courant, Afrikaansche Berigter (of De Verzamelaar)) is volgens Nienaber deur die redakteur, J.S. de Lima, in Amsterdam gebore, self geskryf. Die taalgebruik is eenvoudig en vlot, volgens Nienaber "kennelik 'n nabootsing van die spreekwyse van gegoede en beskaafde mense uit 'n buitelandstrik"²⁶³ en meestal in 'n vermaaklike skindertrant. Die gegewens (uit nege briewe) is die volgende:

(8) J. Suasso de Lima, koerantbriewe, 1826-8²⁶⁴




Met die mv. en heef(t) inbegrepe, is pv SL $75/98 = 77\%$.

Met die mv. inbegrepe is pv SH $15/18 = 83\%$.

Gegewens deur Smuts uit 'n joernaal en 80 briewe van G.D. Joubert verkry, word hieronder weergegee:


(9) G.D. Joubert, joernaal en briewe, 1828-38²⁶⁵



Pv SL en SH sluit die mv. in; nww SL is slegs s.nwe.

Die volgende gegewens is die resultaat van Smuts se ontleding van "30 briewe aan regeringsamptenare, nuusblaaie en private, kommando-orders, ens." van A.W.J. Pretorius.


(10) A.W.J. Pretorius, diverse geskrifte, 1829-49³⁶⁶



Pv SL en SH sluit die mv. in; nww SL is slegs s'nwe.

In 1830 verskyn in The South African Commercial Advertiser 'n brief onder die skuilnaam van "Verdrukte Griekwa"; hy "gee voor", vlg. Nienaber, "dat hy 'n Griekwa is, woonagtig in die gebied net ten Noorde van die Grootrivier". Tog is daar, met 'n enkele uitsondering, "niks wat sy Afrikaans 'n duidelike Griekwa-kleur gee" nie²⁶⁷. Die toon is ernstig-betogend. Die gegewens is die volgende:

(11) Koerantbrief onder skuilnaam "Verdrukte Griekwa", 1830²⁶⁸




Met mv. en heef(t) word pv SL $24/32 = 75\%$, en met mv. word pv SH $9/10 = (90\%)$.

C.E. Boniface is vlg. Scholtz, wat sy taalgebruik in besonderhede ontleed²⁶⁹, in Parys gebore, kom in 1807 in die Kaap aan en is o.m. "talekenner, toneelspeler, drama-

turg, musikus en joernalis"; hy is o.a. vanaf 1830 ses maande lank redakteur van De Zuid-Afrikaan²⁷⁰. Scholtz se gegewens oor "Boniface se Afrikaans" is ontleen aan 'n self-geskrewe samespraak wat in De Zuid-Afrikaan verskyn, waarin die "Hottentot-Afrikaans" van ene Hendrik Kok weer-gegee word (1830), die dialoog van Hottentot-karakters in sy hekelspel De nuwe Ridderorde of de Temperantisten (1832) en 'n kort koe-antbriefie onder die skuilnaam van "Adam Slokker", wat vlg. Scholtz ook deur Boniface geskryf is²⁷¹. Volgens Scholtz het bost. stukke "vir ons vandag nog 'n onmiskenbare 'Hottentotse' kleur"²⁷², ofskoon ons, sonder meer kennis van burger-Afr. uit die eerste helfte van die 19e eeu, "nie met sekerheid (kan) sê wat alles in Bon. se taalgebruik meer bepaald 'Hottentots' was nie"²⁷³.


Aangesien Scholtz se statistiese gegewens wat die pv. betref enigszins onvolledig is²⁷⁴, het ek opnuut gegewens verkry, en wel uit die Hendrik Kok-dialoog²⁷⁵, die brief van Adam Slokker²⁷⁶, De nuwe Ridderorde²⁷⁷ en 'n kort dialoog tussen twee boere, uit 1844²⁷⁸. Scholtz se gegewens²⁷⁹ verskil nie veel van myne wat hieronder gegee word nie:

(12) Geskrifte van C.E. Boniface, 1830-44²⁸⁰



Van Trigardt sê Smuts dat hy vanweë sy lewe in die grensdistrike "min geleentheid sou gehad het om in aanraking te kom met Hollandse amptenare of ander wat Nederlands kon praat", dat hy "moontlik elementêre onderrig van 'n rondtrekkende 'meester'" gehad het, en sy kennis van Ndl. waarskynlik aan die Ndl. Bybel ontleen het. Hy het "stellig nie bedoel ... om Afrikaans te skryf nie"²⁸¹. Die trant van die dagboek is sober-verhalend en die sinsbou eenvoudig.

Smuts se 1968-gegewens, wat hieronder gebruik word, is waarskynlik afkomstig uit die tweede druk van Preller se uitgawe van die Dagboek²⁸² wat deur Smuts in sy literatuurlys genoem word, ofskoon Le Roux se uitgawe²⁸³ - wat Smuts ook noem - teen 1968 al verskyn het²⁸⁴.


(13) L. Trigardt, dagboek, 1836-8²⁸⁵

Pv SL en SH sluit die mv. in; nww SL sluit slegs s.nwe. in.

L.H. Meurant was (soos o.m. Wikar, De Lima en Boniface) vlg. Scholtz "nie 'n Afrikaner van afkoms nie", het egter aan die begin van die 19e eeu in die Kaap - waar hy sedert sy geboorte was - "genoeg geleentheid gehad om sowel die Afrikaanse spreektaal as die Nederlandse skryftaal van die Kapenare te leer" en het "op 33-jarige leeftyd ... Afrikaanse stukke in die Grensblad begin skrywe"²⁸⁶. Hieronder word gebruik gemaak van my eie gegewens uit dié briewe en dialoë in Het Kaapsche Grensblad (soos afgedruk in Nienaber 1971) wat vlg. Scholtz²⁸⁷ na alle waarskynlikheid deur Meurant self geskryf is, aangesien Scholtz nie die statistiek gee nie.

Die briewe en dialoë van Meurant is meer uiteenlopend van aard en meer hekelend as dié van Da Lima wat hoërop bespreek is.


(14) L.H. Meurant, koerantbriewe en dialoë, 1844-50



Pv SL, met mv. en heef(t): $94/112 = 84\%$; pv SH, met nw.: $53/56 = 95\%$.

Van veldkoe H. Bezuidenhout verskyn in 1851 'n lang Afr. brief in die Kaapse Grensblad. Ofskoon "die invloed van die Nederlands skryftaaltradisie nog duidelik waarneembaar is", is dit volgens Scholtz "moontlik, heel waarskynlik selfs, dat Bezuidenhout se spreektaal in meer as een opsig nader aan Nederlands gestaan het as Afrikaans vandag"²⁸⁸. Die toon is ernstig en emosioneel-betogend. Bezuidenhout se brief lewer die volgende variasiepatroon²⁸⁹:


(15) H. Bezuidenhout, koerantbrief, 1851²⁹⁰



Pv SL, met mv. en heef(t): $16/19 = 84\%$; pv SH, met mv.: $9/9 = (100\%)$.


Uit die tydperk 1857-3 beskik ons oor 'n aantal briewe van komdt. P.E. Scholtz aan komdt.-genl. A.W.J. Pretorius, oor amptelike sake. Uit opmerkings soos "Gelief myn vouten over te zien, het is in den ha(a)st"²⁹¹, blyk dat normbewustheid nie altyd normnavolging hoef te beteken nie.

(16) P.E. Scholtz, briewe, 1851-3²⁹²




Onder die skuilnaam "A. VAN ***" verskyn daar in 1854 twee briewe in 'n geselstrant, in The Friend, waarskynlik deur dieselfde persoon. Die variasiegegevens is die volgende:

(17) Koerantbriewe onder skuilnaam "A. VAN ***", 1854²⁹³




Met die mv. van die pv., word pv SL: $23/30 = 77\%$ en pv SH: $19/22 = 86\%$.

Buite die chronologiese volgorde²⁹⁴ om en ter vergelyking met (1)-(17) hierbo, kan ons eerstens kyk na die gegewens uit die redelik homogene versameling van veral veldwagtersbriewe, die Kaapse Taalargief, uit die tydperk 1712-1831, maar vlg. Scholtz "eers vanaf 1775 af ... redelik volop en bevredigend oor die tyd verdeel"²⁹⁵.

(C) Die Kaapse Taalgief, 1712-1831²⁹⁶

'n Minimum van 15 kontekste waarin slot-/t/-verlies kan plaasvind, in ten minste twee kategorieë, is vir TKe (1)-(17) hierbo as 'n minimumvereiste gestel. In 'n hele aantal TKe is dit egter duidelik dat selfs persentasies wat op minder as 15 kontekste gegrond is, by die patroon van die teke-kompleks kon inpas, vgl. bv. pv SH van nos. 3 en 5 en pv en vdw SH van nos. 6 en 17. Selfs in heel klein tekste vind ons reëlmatige variasiepatrone terug; vgl. bv. met Meurant (TK(14)) die volgende briefie - aan die owerheid: deels verklaring, deels vertelling - wat Smuts in die Kaapse Argief aangetref is, van A. Josef, wat vlg. Smuts vermoedelik 'n Baster is:

(D) A. Josef, brief, 1839²⁹⁷



Uit slegs 19 gevalle kan dus 'n patroon te voorskyn kom wat, met die uitsondering van vdw SH, goed vergelykbaar is met wat tot dusver gevind is en net weer bevestig hoe homogeen taalgedrag kan wees²⁹⁸.

2.4.5 Ontleding van die gegewens

In hierdie par. word antwoorde gesoek op die volgende vrae:

- 1) Kan daar 'n algemene patroon aangewys word? (d.w.s. globale aanduidings van die aanwesigheid van sekere faktore);
- 2) is daar progressie in die tyd? (d.w.s. spore van diachroniese ontwikkeling); en 3) is daar teenstrydighede in die patroon of sy ontwikkeling in tyd?

2.4.5.1 Die algemene patroon

Die sentrale aanname is dat dit nie toevallig is dat 'n skrywer in een kategorie meer verlies as in 'n ander het nie. Ons kyk by die verskillende skrywers na die relatiewe verskille tussen verliespersentasies in die taalkategorieë wat as uitgangspunt geneem is, en probeer vasstel of sommige van die relatiewe verskille kenmerkend is vir al die groter TKe.

Daar is meer as een manier om die algemene patroon uit die gegewens te haal. Ek doen dit eers meer impressio-nisties en daarna in nouer aansluiting by die gegewens.

2.4.5.1.1 Die algemene patroon op sigwaarde

'n Opvallende kenmerk van TKe (1) tot (17) is dat pv.-verlies steeds groter is as verlies by die v.dw., na steml. sowel as stemh. klank. Die uitsonderings hierop is onbelangrik: behalwe TKe (4) en (7), waar ons na stemh. klank by albei soorte wwe. geen verlies en na steml. klank 100% verlies het, onderskeide .k, het TK (3) na 'n steml., en TK (12) na 'n stemh. klank minder verlies by die pv. as by die v.dw.; gegewens by die pv. berus egter by hierdie TKe op 5 en 6 gevalle, onderskeidelik.

In die meeste gevalle is daar meer verlies na 'n steml. as na 'n stemh. klank (vgl. gebroke lyne. Uitsonderings hierop is TKe (1), (2), (11) en (15) waar òf die pv., òf die v.dw. 0%- of 100%-verlies het (dus geen werklike uitsondering) en die pv. van TKe (2) en (3), waar daar te min gevalle is. Die pv. in TK (14) is 'n werklike uitsondering, asook TK (17), waar daar egter vir die v.dw. te min gevalle is.

Veralgemenend kan ons dus sê dat die morfologiese verskil meer konsekwent die deurslag gee as die verskil stemh./steml. in die voorafgaande klank. Maar werklike uitsonderings hier vind ons pas in die paar TKe wat chronologies laaste staan, en dan veral by die pv.

Wat betref die verhouding van verlies by die nie-wwe. tot verlies by die pv. en v.dw. - in alle gevalle na steml.

klank - kan gestel word dat die nie-wwe. by die meeste TKe (vgl. (1), (3), (6) en (8) tot (17)) nader aan die v.dw. as aan die pv. lê; in TKe (2), (4) en (5) lê hulle nader aan die pv. en in TK (7) lê al drie gelyk.

2.4.5.1.2 Die algemene patroon uit die gegewens afgelei

Bostaande indrukke kan nou gepresiseer word aan die hand van slegs dié gegewens wat op 15 of meer gevalle (tokens) - d.w.s. waar $N \geq 15$ - berus, waar boendien slegs gebruik gemaak word van TKe waar 'n vergelyking tussen ten minste twee kategorieë moontlik is. Met dien verstande, dus, dat die onderstaande persentasies elk op ten minste 15 tokens berus, word die gegewens tog in die vorm van persentasies hanteer sodat gegewens uit alle TKe ewe veel gewig kan dra.

As vergelykingsmateriaal waar twee spesifieke kategorieë vergelyk word, dien dus slegs dié tekste met gegewens in albei kategorieë, omdat dit hier slegs gaan om relatiewe verskille as kenmerk van die taalvermoë van taalgebruikers (hier: skrywers). Vir 'n vergelyking van kategorie pv SH met vdw SH bied bv. slegs TKe (1), (7), (9), (10), (13) en (14) gegewens (vgl. ook die onderstaande tabel). Die gemiddeldes wat so verkry word vir die twee kategorieë wat met mekaar vergelyk moet word, word dan telkens met mekaar gekontrasteer.

Persentasies wat in tekste (1) tot (17) op 15+ tokens berus, word in die volgende tabel herhaal:

Vergelykbare persentasies

TK	Konteks	pv SL	vdw SL	nww SL	pv SH	vdw SH
(1)		42	0	0	16	0
(2)		8		11		0
(3)			23	37		0
(4)		33	23	53		
(5)		96	77			0
(6)		100	90			
(7)		100	100	100	63	5
(8)		71	31	34		0
(9)		100	94	92	63	2
(10)		84	76	78	48	18
(11)			20			14
(12)		90	88	72		38
(13)		93	45	51	34	2
(14)		88	77	64	92	76
(15)			74	33		
(16)			77	63		15
(17)		77		7		

Om vas te stel of daar 'n verskil is t.o.v. slot-/t/-verlies tussen die pv. en die v.dw., word afsonderlik pv SL met vdw SL, en pv SH met vdw SH, vergelyk. Die resultate is die volgende:

pv SL : 82%, teenoor vdw SL : 64%
 gemiddeld oor 11 Tke;
 pv SH : 53%, teenoor vdw SH : 17%
 gemiddeld oor 6 Tke.

Daar is duidelik meer verlies by die pv. as by die v.dw., veral na 'n stemh. klank.

Om vas te stel of daar 'n verskil is tussen slot-/t/-verlies na 'n steml. en 'n stemh. klank, is die volgende met mekaar vergelyk:

pv SL : 85%, teenoor pv SH : 53%
 gemiddeld oor 6 TKe;
 vdw SL : 59%, teenoor vdw SH : 14%
 gemiddeld oor 12 TKe.

Daar is duidelik meer verlies na 'n steml. as na 'n stemh. klank, veral by die v.dw.

Om vas te stel met watter een van die pv. of v.dw. die nie-wwe. die beste vergelyk, word nww SL afsonderlik met pv SL en vdw SL vergelyk:

nww SL : 51%, teenoor pv SL : 72%
 gemiddeld oor 11 TKe;
 nww SL : 56%, teenoor vdw SL : 59%
 gemiddeld oor 12 TKe.

Die nie-wwe. korreleer duidelik veel beter met die v.dw. (3% verskil) as met die pv. (21% verskil).

2.4.5.1.3 Interpretasie van die algemene patroon

Die algemene patroon word nou geïnterpreteer asof die TKe in hulle chronologiese volgorde geen taalverandering toon nie (dus gesamentlik geïnterpreteer as tussenfase in die ontwikkeling van Afr.)

Dit is oor die algemeen duidelik dat daar twee faktore is wat differensiële slot-/t/-verlies veroorsaak: (I) 'n voorafgaande stemlose klank²⁹⁹, en (II) 'n ander, vermoedelik nie-fonologiese faktor³⁰⁰, wat òf slot-/t/-verlies by die pv. versnel, òf by die v.dw. vertraag.

Om vas te stel of faktor II 'n faktor is wat verlies by die pv. verhaas dan wel by die v.dw. vertraag, kan ons die verlies by die nie-wwe. - waar vermoedelik slegs die fonologiese faktor 'n rol speel - eensyds met pv SL en andersyds met vdw SL vergelyk. Hierdie vergelyking is reeds in die vorige par. gemaak, en dit het geblyk dat die nie-wwe. baie beter met die v.dw. as met die pv. korreleer, na 'n stemlose klank. Die voor-die-handliggende gevolgtrekking is dat verlies by die v.dw. - soos by die nie-wwe. - slegs deur die fonologiese faktor verklaar moet word, terwyl daar

by die pv. nog 'n addisionele faktor werkzaam is. Hierdie gevolgtrekking word gesteun deur die feit dat na 'n stemh. klank - waar ons aanneem die fonologiese faktor nie werkzaam is nie - toe nog heelwat verlies by die pv. gekonstateer word teenoor 'n minimum van verlies by die v.dw., TK (14), en in 'n mate ook (10), (11) en (16), vorm hier uitsonderings.

Wat is die relatiewe sterkte van die twee faktore ten opsigte van mekaar? Waar dit nie bekend is watter een van twee faktore die sterkste is nie, word dit onmiddellik duidelik sodra die verskillende kategorieë volgens die persentasie verlies in elk hiërargies gerangskik word³⁰¹. By skrywer (10) hierbo - A.W.J. Pretorius - is die fonologiese faktor bv. meer deurslaggewend as faktor II omdat verlies in v.dw. SL > verlies in pv. SH:

		<u>% verlies</u>
na steml. klank	pv. :	84
	v.dw. :	76
na stemh. klank	pv. :	48
	v.dw. :	18


Ons hoef dus eintlik net vdw SL en pv SH te vergelyk. Vir TKe (1) tot (17) is hierdie twee kategorieë slegs in ses gevalle vergelykbaar, met as resultaat:

vdw SL : 65%, teenoor pv SH : 53%, gemiddeld.

Hiervolgens is die fonologiese faktor die sterkste van die twee. Kyk ons egter na die verskillende grafieke, (1) tot (17), blyk dit dat in heelparty gevalle faktor II sterker is as die fonologiese, sodat dit vir die tydperk verteenwoordig deur TKe (1) tot (17) in sy geheel moeilik is om aan één faktor 'n eerste plek toe te ken.

Best. waarnemings was oor die algemeen telkens gegrond op 'n vergelyking tussen twee kategorieë, met gebruikmaking

van alle TKe wat hulle daartoe geleen het. Ons kan vir elke twee kategorieë wat vergelyk is, die verskil in verliespersentasie bepaal en bv. konstateer dat verlies by pv SL 18% hoër is as by vdw SL, by vdw SL 12% hoër as by pv SH, ens. Vir die verskillende kategoriepare kan ons die verskille in verliespersentasie soos volg skematiseer (die posisie van die v.d.w. relatief tot ander kategorieë word met 'n kringetjie aangedui):



Hier het ons dus 'n sinchroniese³⁰² beeld van die variasiepatroon van slot-/t/-verlies vir TKe (1) - (17).

As ons bost. wil vereenvoudig tot drie vlakke van slot-/t/-verlies, kan ons stel dat die verlies

- (1) die hoogste is by die pv., na steml. klank;
- (2) minder hoog is by die v.d.w. en nie-wwe. na 'n steml.

en by die pv. na 'n stemh. klank (wat almal hoogstens 14% uitmekaar lê); en

- (3) verreweg die laagste is by die v.d.w. na stemh. klank.

Die rede hiervoor is waarskynlik dat vlak 2 die resultaat is van die inwerking van één faktor wat slot-/t/-verlies bevorder, t.w. òf die fonologiese faktor (in die geval van vdw SL en nww SL), òf faktor II (by pv SH), terwyl vlak 1 die resultaat is van die werking van albei faktore tegelyk.

As ons nou hierdie resultaat vergelyk met die variasiepatroon in die Kaapse Taalargief (par. 2.4.4.2, no. (C) hierbo), dan blyk daar 'n hoë mate van ooreenstemming te wees, met die verhouding vdw SL/nww SL omgekeerd.

Die drie vlakke wat hierbo onderskei is met verwysing na die taalgebruik van afsonderlike skrywers kan nou ook vergelyk word met Scholtz se onderskeiding in terme van datums (par. 2.4.2.2 hierbo). Aangesien by sowel Scholtz 1958 as 1972 vir die spreektaal slegs twee "datumvlakke" onderskei kan word, is 'n vergelyking met die onderhawige indeling nie moontlik nie. Tog meen ek dat die chronologie wat deur Scholtz in 1958 aangedui is³⁰³ - sonder sy verdere aannames i.v.m. verskille tussen die geskrewe en die gesproke taal - goed versoenbaar is met die drie vlakke wat hierbo onderskei is.


2.4.5.2 Taal andering

In die vorige par. is 17 TKe geanaliseer as sou hulle verteenwoordigend wees van 'n homogene taaltoestand, 'n soort tussenfase in die ontwikkeling van Afr. Vervolgens word nagegaan of daar nie binne hierdie tussenfase taalverandering waargeneem kan word nie, word getoon hoe sekere TKe hierbuite val, word kortliks nagegaan hoe veranderinge in die patroon met ander faktore korreleer en ingegaan op die verhouding skryftaal/spreektaal.

Ons kyk eerstens na veranderinge van 'n suiwer kwantitatiewe aard, en dan na moontlike veranderinge in die patroon.


2.4.5.2.1 Kwantitatiewe verandering

Vir elke TK ten opsigte waarvan gegewens in alle kategorieë beskikbaar is, is die verliespersentasie van al sy gegewens tesame bereken ten einde 'n beeld te kry van die algemene toename - al dan nie - in slot-/t/-verlies oor tyd. Dié verliespersentasies kan grafies soos volg weer-gegees word:



Ons merk hier dat slot-/t/-verlies in die eerste drie TKe waarvoor alle gegewens beskikbaar is, t.w. (2) - (4), 30% of minder is, terwyl dit by die ander tekste - met (11) as uitsondering - wissel tussen 49% en 91%. TK (3) (Johanna Duminy) val nog in die 18e eeu; TKe (5) - (17) in die 19e eeu. Wat die 19e eeu betref, kan ons dus nie praat van 'n stygende lyn wat die TKe in hulle geheel betref nie.

Slegs in een kategorie, nl. vdw SH, vind ons (met enkele uitsonderings) 'n bestendige toename in slot-/t/-verlies oor tyd, vgl. die volgende grafiek (slegs persentasies wat op 15 tokens of meer berus, word gegee):



Waar slot-/t/-verlies in TKe (1) - (9) 0% is of redelik na aan 0% bly, begin dit vanaf (10) (Pretorius, 1829) na die einde van die periode sterk toe te neem, met (13) (Trigardt, 1836-8) en (15) (P.E. Scholtz, 1851-3) as uitsonderings. Die patroon by Trigardt word in par. 2.4.5.2.4 uitvoeriger behandel).

2.4.5.2.2 Verandering in die patroon

Sodra slot-/t/-verlies noemenswaardig by die v.d.w. begin toeneem na 'n stemhebbende klank, kan ons aanneem dat ver-

lies by die v.d.w. nie meer 'n suiwer fonologiese aangeleentheid is nie, en dat die patroon dus begin verander. Ons het gesien dat na 'n steml. klank daar oor die algemeen ooreenstemming in verliespersentasie tussen v.d.w. en nie-wwe. is³⁰⁴. Die verwagting is nou dat, met toename in vdw SH a.g.v. 'n nie-fonologiese faktor, die v.d.w. om dieselfde rede na 'n stemlose klank meer verlies sal begin toon as wat ons by die nie-wwe. vind. Die TKe met genoeg gegewens om 'n vergelyking moontlik te maak, met vdw SH 15% of hoër en waar na steml. klank die verlies by die v.d.w. inderwaarheid ook hoër lê as by die nie-wwe., is die vlg.: (12) (16% hoër), (14) (13% hoër), (15) (41% hoër)³⁰⁵ en (16) (14% hoër). TK (13) (Trigardt) is 'n duidelike uitsondering in albei gevalle: daar is byna geen sprake van verlies in vdw SH nie, en na 'n steml. klank het die v.d.w. ook nie meer verlies as die s.nw. nie. (Vgl. ook die KT: slegs 7% verlies in v.d.w. SH, en 12% minder verlies in vdw SL as in nww SL, soos verwag kan word).


'n Belangrike verandering in die patroon is 's hierin geleë dat daar in die periode van 75 jr. 'n nuwe, nie-fonologiese faktor opkom wat slot-/t/-verlies by die v.d.w. bevorder.

By TKe (14), (15) en (17) is dit - ondanks die feit dat die tokengetalle soms baie ontoereikend is - opvallend dat fonologiese oorwegings geen rol meer speel nie, nóg by die pv., nóg by die v.d.w. In TK (14) (Meurant) - met voldoende tokens vir 'n vergelyking - is daar bv. by die v.d.w. na steml. klank 77% verlies en na stemh. klank 76% verlies. In hierdie TKe, asook in sommige vroeëre TKe, is daar ook by die pv. geen aanduiding van meer verlies na 'n steml. as na 'n stemh. klank nie. In bykans alle TKe (vgl. par. 2.4.5.1.2 hierbo vir enkele minder belangrike uitsonderinge) bly slot-/t/-verlies in die v.d.w. egter laer as in die pv.

Op grond van bost. gegewens wil ek vervolgens kortliks 'n aantal stadia in die ontwikkeling van die variasiepatroon onderskei, met spesiale verwysing na die verhouding van


die v.d.w. tot ander kategorieë. Aangesien ons gegewens te min raak vir 'n uitvoerige kensketsing van die verskillende stadia, moet dié indeling tentatief bly.

In stadium A veroorsaak die fonologiese faktor slot-/t/-verlies na 'n steml. klank in alle woordsoorte, en is daar by die pv. bowendien 'n tweede, nie-fonologiese, faktor van slot-/t/-verlies, van ongeveer gelyke sterkte, werkzaam. Die tipiese variasiepatroon wat met hierdie stadium geassosieer kan word³⁰⁶, is die volgende:




TKe wat hiermee ooreenstemming vertoon, is (3) (met te min gegewens vir pv SL), (5), (6), (9) en (13). Die patroon van TK (7) is vir 'n gedeelte nog met best. patroon in ooreenstemming, asook (8), waar pv SH - op min gevalle gebaseer - uit die patroon spring. TKe (1) en (2) val uit die patroon veral vanweë die afwesigheid van verlies in vdu SL. (Die KT behoort ook tot hierdie stadium).

Stadium B bou voort op stadium A; wat bykom is 'n faktor van nie-fonologiese slot-/t/-verlies by die v.d.w., wat verlies by vdw SH veroorsaak, en dus ook verlies by vdw SL groter maak as by nww SL. Die tipiese patroon is die volgende:



Tke wat hiermee in ooreenstemming is, is (10), (12) (waar pv SH uit die patroon val, waarskynlik a.g.v. te min gevalle) en (16).

In stadium C is die fonologiese faktor uitgespeel as faktor van differensiële slot-/t/-verlies by die ww.; slot-/t/-verlies by die v.d.w. is egter nog nie op dieselfde vlak as by die pv. nie, omdat 'n nie-fonologiese faktor (of faktore) nog werkzaam is. Die tipiese patroon is die vlg.:



Tke wat hiermee ooreenstem, is (11), (14), (15) en (17) - lg. gaan selfs lynreg teen die fonologiese tendens in.

In 'n latere stadium sal slot-/t/-verlies hom heeltemal voltrek in al die kategorieë wat bespreek is; verlies by die v.dw. sal m.a.w. verlies by die pv. inhaal. Die variasiepatrone van die Tke wat hierbo ontleed is, verteenwoordig egter nog nie hierdie stadium nie³⁰⁷.

Wat betref die toetrede van 'n nie-fonologiese faktor wat slot-/t/-verlies by die v.dw. begin bevorder in stadium B, kan nog die volgende opgemerk word: Terwyl Scholtz se opvatting dat verlies by die vdw SH na analogie van verlies by die vdw SL plaasvind³⁰⁸, aanvaarbaar is, is dit ook duidelik dat 'n soort analogiese terugkoppeling vanaf vdw SH na vdw SL begin plaasvind het wat die fonolo-

giese faktor by lg. aanvul (vgl. TKe (7), (12), (14) en (16). Dit lyk voorts asof al drie faktore van slot-/t/-verlies by die v.d.w., tw. die fonologiese faktor, analogie en analogiese terugkoppeling, uiteindelik konsolideer tot een enkele faktor: slot-/t/-verlies by die v.d.w. as sodanig. Hierdie toestand is reeds by TK(14) bereik, waar vdw SL en vdw SH nagenoeg saamval.

Ten slotte wil ek hier kortliks nagaan hoe stadia A-C met die volgende korreleer (of nie korreleer nie):

(a) Die chronologiese opeenvolging van die TKe. Daar is reeds gewys op die korrelasie van die vdw SH met tyd. Oor die algemeen is daar 'n redelike korrelasie met die chronologie van die tekste, met die volgende uitsonderings: TK (10) (1829-49) en TK (12) (1830-44) is tot stadium B gereken, maar (11) (1830) reeds tot stadium C; TK (16) van so laat as 1851-3 moet tot B gereken word. 'n Belangrike nie-korrelasie vind ons by TK (13) (Trigardt) wat so laat as 1836-8 nog duidelik in stadium A is. Scholtz³⁰⁹ het reeds gewys op teenstrydighede tussen Trigardt en die KT, enersyds, en Meurant en Bezuidenhout, andersyds. Lg. se TKe verteenwoordig dan ook duidelik stadium C. Ek kom hieronder op Trigardt terug.

(b) Die algemene verliespersentasie by die verskillende TKe. Die drie stadia korreleer nie met ooreenkomstige vlakke in die algemene persentasie van slot-/t/-verlies nie. (Vgl. par. 2.4.5.2.1 hierbo). In stadium A is daar bv. by TK (3) 25% en by (6) 91% verlies; in B by (12) 75% en by (16) 56%; en in (C) by (11) 32% en by (14) 77% verlies. Die patroon hoef m.i. nie deur die graad van skrywerskonserwatisme beïnvloed te word nie.

(c) Die normtaal. Vir die skrywers van TKe (3), (5), (6), (9) en (13) wat stadium A verteenwoordig, het Ndl. waarskynlik as norm gedien. De Lima, no. (8), wat ook in A val, probeer die beskaafde omgangstaal³¹⁰, waar Ndl. waarskynlik inherent as norm funksioneer, weergee. Ook in TKe soos (10) en (16) - hoofsaaklik amptelike dokumente - funksioneer Ndl. klaarblyklik as (eksterne) norm; hulle

verteenwoordig egter stadium B, saam met TK (12) (Boniface) wat hoofsaaklik die Afr. van Hottentotte probeer weergee. Stadium B word dus deur normuiterstes gekenmerk. Skrywers wat stadium C verteenwoordig, hanteer òf (doelbewus of uit onvermoë) nie Ndl. as norm nie, vgl. TKe (11), (14)³⁰⁶ en (17), òf probeer soos Meurant, TK (14), doelbewus die spreektaal weergee. Daar is dus ten minste 'n gedeeltelike korrelasie tussen normtaal en die ontwikkelingstadium van die variasiereël (veral A en C).

(d) Generasie waartoe die skrywer behoort. Die ouderdom wat 'n aantal skrywers in 1840 (sou) gehad het, word hieronder met die stadium van hulle TK vergelyk.

<u>Skrywer</u>	<u>Ouderdom in 1840</u>	<u>Stadium</u>	<u>No. en datum van TK</u>
L. Trigardt	57 ³¹¹	A	(13) 1836-8
C.E. Boniface	53(?) ³¹²	B	(12) 1830-44
A.W.J. Pretorius	42 ³¹³	B	(10) 1829-49
G.D. Joubert	41 of hoër ³¹⁴	A	(9) 1828-38
L.M. Meurant	29 ³¹⁵	C	(14) 1844-50

Met die uitsondering van G.D. Joubert is daar dus hier 'n beduidenis van 'n korrelasie tussen die generasie waartoe die skrywer behoort en die stadium van ontwikkeling wat sy TK verteenwoordig. Ofskoon Meurant net ses jaar na Trigardt skryf, is hy 28 j. jonger as Trigardt. Scholtz wys egter daarop dat Bezuidenhout (in stadium C geplaas) ook al "een beetje oud" was in 1851³¹⁶.

2.4.5.2.3 'n Paar anomalie.

Die TKe van skrywers soos A. Kreuzmann, E. Barbier, H.J. Wikar en L. Trigardt wyk in 'n mindere of meerdere mate af van die patroonmatige ontwikkeling van slot-/t/-verlies.

Vir Kreuzmann, TK (A), is daar in vier uit die vyf kategorieë te sien gegewens om 'n betroubare gevolgtrekking op te baseer. Die uitsondering is vdu SH met 90% (120/122) verlies; Scholtz wys ook op die hoë persentasie verlies in hierdie kategorie en is die mening toegedaan dat as

Kreuzmann die vorme sonder /t/ "nie van sy Holl. medeburgers oorgeneem het nie", hulle dan "kenmerkend (was) van 'n soort Kaapse vreemdalinge-Ndl. van die tyd"³¹⁷. Die laaste vermoede lyk my 'n groter moontlikheid as die eerste; 'n verdere moontlikheid is egter nog dat Kreuzmann se patroon eenvoudig idiosinkraties is. Dit vertoon nl. die meeste ooreenstemming met dié van Meurant, TK (14) - stadium C - van 1¼ eeu later. In verband met die "Rekenboek-Joernaal" kan nog die volgende opgemerk word: Na 'n stamhebbende klank is ook by nie-wwe. (in afwyking van mod. Afr.) slot-/t/-verlies glad nie ongewoon nie: uit 104 gevalle verloor 12 of 12% die slot-/t/ van die stam, vgl. bv. dikwels boven stan, honder. Verlies van ander slotklanke het ons in die eiename schal (Schalk) en fran (Frans?), en by gelee (= geleend, vlg. Van Oordt). Verkortings, wat herinner aan individuele uitspraakvorme wat voorkom by persone met 'n snel spreektempo, is volop: branwein (elders brandewein, brandwein, bran te wein, brandeweyen), die eienaam stelbos, bol (= bottel), vondeys (naas vondijseij), vordinloon (naas vordinde Lon), die eienaam pretor (Pretorius?), korsnijen (= koren snijden), ens. Dikwels word een vokaal i.p.v. twee gespel, soos in en/in (= een), lasde, -lon, bar (= paar), malgelt, fam. In 'n hele aantal gevalle het ons te make met wat miskien as persoonlike afkortings beskou kan word, en ons daaraan herinner dat ons in hierdie teks per slot van rekening - met die uitsondering van een gekopieerde brief, waarin dan ook versigtiger gespel word - te make het met 'n poging tot die kriptiese notering van transaksies: tw (= twee, passim), sch (schelling), rick (rijksdaalder), komnij (kompanjie), gul(d) (gulden), ens. Ek meen dus dat ons, bloot al op grond van die neiging tot verkorting in die TK self, daarteen moet waak om te veel te sien in slot-/t/-verlies by Kreuzmann.

By Barbier, 'n Franssprekende wie se geskrewe Ndl. oor die algemeen 'n gebroke karakter dra³¹⁸, is daar genoeg gegewens om ons in staat te stel om die variasiepatroon te bepaal. Twee aspekte van sy patroon val op: (a) Die

persentasie slot-/t/-verlies lê vir geen kategorie buite die grense van 12% en 28% nie, sodat die "reikwydte" van die variasie by hom net 16% is. Slegs een ander TK varieer binne 16%, t.w. (2), waar alle persentasies tussen 0% en 11% lê. Albei skrywers is dus betreklik ongevoelig vir faktore wat slot-/t/-verlies beïnvloed, ofskoon miskien om verskillende redes: Prinsloo (TK (2)) se slot-/t/-verlies lê binne die grense van wat as skryffoute beskou kan word; by Barbier is daar soveel verlies dat ons dit wel as 'n kenmerk van sy geskrewe, en dus waarskynlik ook van sy gesproke taal kan beskou. (b) Barbier het na 'n stemh. klank meer slot-/t/-verlies by die v.dw. as by die pv. Dié verhouding vind ons slegs by Boniface (ook met iets van 'n Franse agtergrond) en in die brief van A. Josef - in albei gevalle met min gegewens. Met sy 26% verlies in vdw SH verwag ons bowendien dat vdw SL groter sal wees as nww SL, maar vind hierdie verhouding nie terug nie. Barbier se variasiepatroon is dus, in vergelyking met dié van Tke (1) - (17), duidelik afwykend.

Wat by Wikar (TK (1)) opval, is dat daar ten spyte van fonologies gedifferensieerde slot-/t/-verlies by die pv. - pv SL : 42%, pv SH : 16% - wat immers bewys lewer van die aanwesigheid van 'n fonologiese faktor, nogtans geen verlies in vdw SL en nww SL is nie. Hiervoor het ek geen verklaring nie.

Trigardt se variasiepatroon (TK (13)) is volkome normaal. Gesien die feit dat dit hier om 'n persoonlike dagboek (in teenstelling bv. met die amptelike briewe van P.E. Scholtz) gaan, is sy A-patroon egter opvallend ergaies in vergelyking met die C-patroon van mense soos Meurant en Bezuidenhout, wat nie te lank na hom geskryf het nie. Wat die vdw SH betref, meen Scholtz dan ook dat daarmee rekening gehou moet word "dat uit die taalgebruik van Meurant en Bezuidenhout duidelik te sien is dat op hierdie punt die Afr. toestand al voor 1850 bereik was" en dat -d of -t geskryf is "nog lank ná dit in die spreektaal verdwyn h." ³¹⁹. Smuts, aan die ander kant, sê egter: "Die getuienis vir 'n mate van gevoel vir die

dentale uitgang na die stemhebbende konsonante en die dif-
tong by verbaal gebruikte swak vult. deelwoorde by Trigardt
en sy tydgenote is vir my te ste om te verwerp"³²⁰.

Sonder om in besonderhede op die argumente en teenargumente
van Smuts en Scholtz, onderskeidelik, in te gaan, wil ek
net wys op 'n enkele teksinterne aanduiding by Trigardt van
'n gevoel vir steml./stemh. in teenstelling met een vir
pv./v.dw. Aan die begin van par. 2.4.1 hierbo is gewag
gemaak van 'n algemene spelreël in Ndl. vir v.dwe. (asook
ander woordsoorte) - in teenstelling tot die pv. - waar-
volgens die toevoeging van slot-t of -d bepaal word deur
sekere fonologiese eienskappe van die woord. Na 'n stemh.
stameindklank word bv. altyd -d gespel³²¹.

Ons vind nou dat Trigardt na 'n stemh. klank, in teenstelling met die
gewone Ndl. gebruik en die meeste van ons Kaaps-Ndl. Tke³²²,
dikwels d i.p.v. t skryf, vgl. pve. soos komd en staad,
die snw. pund, die voegw. wand en die betr. vnw. wad. Dié
verskynsel suggereer (i) dat Trigardt in sy spelling
nie bewustelik tussen verskillende woordsoorte (waar die
spelreël verskillend werk) onderskei nie, en dus ook nie
v.dwe. uitsonder vir spesiale /t/-toevoeging nie, en (ii)
dat hy wel 'n gevoel moet hê vir fonologiese konteks³²³.

Na 'n stemlose klank het Trigardt 45% slot-/t/-verlies
in die v.dw. Smuts meen dat sy gebruik hier "bloot wille-
keurig is en dat hy weinig gevoel vir die dentale uitgang
na die stemlose konsonante gehad het", en selfs dat "in
sy spreektaal ... die dentale uitgang na hierdie konso-
nante waarskynlik nie meer voorgekom (het) nie"³²⁴. Ook
hierdie vermoede word deur teksinterne aanduidings ge-
steun (ofskoon nie noodwendig in die radikale vorm waarin
Smuts dit stel nie), veral deur differensiële verlies in
die kategorie nww SL. My hipotese is nl. dat Trigardt /t/
geredeliker toegevoeg het as hy die betrokke woord nie
alleen formeel nie, maar ook semanties met die Ndl. woord
kon identifiseer. Woorde waarby so 'n onmiddellike identi-
fikasie met dieselfde woorde in die normtaal o.m. seman-
ties bemoelik word, moet in 'n hoë mate hulle spreektaal-
vorm verrai. So is dit by die s.nwe. o.m. opvallend dat

Trigardt 113x -nagt teenoor 23x -nag het, in vergelyking met 47x -bees (nooit beest), terwyl die vorm beeste dikwels in die teks voorkom. Soos in die geval van bees, toon sekere bywoorde - bv. reg, juis, eers, vas, sleg - ook tekens van die ontwikkeling van nuwe betekenis-skakelings in Afr. Hier gaan die semantiese verband met die verboë b.nw., regte, juiste, ens., dikwels verlore. Dit blyk dan ook dat bywe., waar die klank voor slot-/t/ in Ndl. stemloos is, en wat sowat 28% van die kategorie nww SL by Trigardt uitmaak, in 90% van gevalle hulle slot-/t/ verloor in teenstelling met 62% by s.nwe.³²⁵

Daar kan dus 'n mate van teksinterne steun daarvoor gevind word dat Trigardt se lae vdw SH-verlies, en sy heelwat hoër vdw SL-verlies 'n spreektaalgegewe is.

Voordat ons afstap van die verandering in die uitgang van die swak v.dw., moet eers gekyk word na enkele "foutiewe" uitgange wat die slot-/t/ vervang of aangevul het; die algemene gevolgtrekkings volg daarna.

2.4.6 'n "Foutiewe" uitgang

Twee soorte afwykende uitgange kom voor: (i) 'n sterk uitgang - /ə/ - i.p.v. die swak uitgang /t/; (ii) die sterk uitgang toegevoeg tot die swak uitgang. Ofskoon ons in albei gevalle met 'n verwarring tussen die swak en sterk klasse te make kan hê, sien ek in tipe (ii) 'n groter hiperkorreksie as in (i)³²⁶. Dit is opvallend dat tipe (ii) vrywel beperk is tot die gebroke Ndl. van Franssprekendes (vgl. hieronder). Maar van sowel tipe (i) as tipe (ii) is daar tot dusver nog so min voorbeelde uit al ons tekste opgeteken, dat dit vir my hoogs onwaarskynlik lyk dat daar ooit sprake was van 'n neiging om swak v.dwe. sterk te maak soos in Ndl. wel bestaan het³²⁷.

Scholtz wys op gepiepen en geschreeuwen by Wikar, en teken uit die KT aan: gedopen (no. 170, 1802), gegoeien (no. 217, 1811) (gespel gegoijyen, C.J.C.), bepraten (no. 232, 1812 - vgl. tipe (ii) hierbo), gewonen (no. 243, 1812 - gespeel gewononen, C.J.C.), versoeke (no. 110(a), datum vlg. Scholtz 1793 - i.p.v. verzocht), afgezeten (no.

70, 1784, en no. 193, 1808, i.p.v. afgezet: vir Scholtz 'n bewys van die saamval van zetten en zitten)³²⁸. Sowel gegoijyen as gewoonen hierbo is van P.A. Opperman afkomstig, asook gesaijyen (no. 231, 1812), al drie uit verskillende briewe. By 'n ander skrywer (no. 176, 1803) vind ons ook nog, i.p.v. gejaagd (of gejacht?): "dat de hottentot agter een klepsprenger bok gejaagen heeft".

Vorme van gewesen (i.p.v. geweest) kom sporadies voor in dokumente uit die Kaapse Argief. So vind ons bv. in 'n briefie van J. Hugot, uit 1710³²⁹, met duidelike Franse inslag: "... dat ik ... bai pieter jeans van mar se vin geweeze bin ...", in 'n rekening uit 1773³³⁰: "... dat zij kindsch is geweesen" en in 'n verklaring van skoolmeester J.N. Haennig uit 1775³³¹: "... Dat wy genootzaakt geweezen ..." (vir waren?). In die KT het G. Meij burgt (1807) ook gewesen³³². Hier moet rekening gehou word met die moontlike invloed van Dts. gewesen.

Uit die gebroke Ndl. van Franssprekendes (eerste helfte, 18e eeu) teken Pfeiffer aan: geantwoorden, geseide, geproduceerte, geschiede(n) (5x), genoodsaake, presenterde, gequeste, bezaijen, gevlijert, gewaar-schouwen³³³.

Geschieden ('n poging tot eksplisiete deelwoordmarkering?) vind ons ook in die brief van A. Josef (1839), naas belofen³³⁴ - mod. Afr. belowe?

2.4.7 Gevolgtrekkings : slot-/t/-verlies

Dit het in par. 2.4 gegaan om 'n nuwe benadering tot 'n ou probleem: terwyl dit duidelik is dat slot-/t/-verlies veelvuldig in ons Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekste voorkom, is die vraag nog altyd wat die verhouding van geskrewe tot gesproke slot-/t/-verlies is, en hier meer besonderlik wat die verhouding van verlies by die v.d.w. tot verlies elders in die taal is. Op hierdie punte het ons nou groter duidelike verkry.

In plaas daarvan om slot-/t/-verlies by die v.d.w., pv., ens., in isolasie te beskou en vir elk - aan die hand van 'n (ongedefinieerde) hoeveelheid slot-/t/-verlies -

'n datum te probeer stel waarop slot-/t/ geheel en al uit die spreektaal sou verdwyn het, is elke teks(-kompleks) na aanleiding van 'n sosiolinguistiese model as 'n voorbeeld van 'n skrywer se taalgebruik beskou, en in elke geval nagegaan watter samehang slot-/t/-verlies in die verskillende kategorieë en woordsorte waarin dit voorkom, by die bepaalde skrywer vertoon. Op dié wyse is 'n basiese patroon met sekere variante ontdek, wat - soos trouens ook aangetoon is in die spreektaal moontlik is, vgl. n233 - in die kleinste tekste teruggevind is maar bv. nie in die gebroke taalgebruik van 'n Franssprekende soos Barbier nie. Hierdie patroon moet beskou word as verteenwoordigend van 'n sekere taalvermoë (competence) van die taalgebruikers uit die tyd, op dieselfde wyse as wat in sosiolinguistiese studies aangetoon is dat die beheer van variansie deel kan wees van die taalvermoë van sprekers. En omdat dit hoogs onwaarskynlik is dat die skrywers van ons tekste, wat, soos gedemonstreer is, 'n soortgelyke alternansiebeheer besit het, dit slegs sou besit het ten aansien van die geskrewe taal, moet ons aanneem dat die patroon - sy dit op alle punte in minder konserwatiewe vorm - ook die spreektaal van die tyd moes gekenmerk het.

Wat die v.d.w. betref, het Scholtz (1958) bv. gestel dat slot-/t/ na stemlose konsonant "iets later as elders" weggeval het³³⁵. As ons na die ontwikkeling van die patroon kyk, kom die onjuistheid van 'n stelling soos hierdie aan die lig. Dit word nl. duidelik dat slot-/t/ vir die algemeen en veral in die vroeër tekste teen presies dieselfde tempo wegval as elders, maar juis "iets vroeër as elders" by die persoonsvorm. Ons kan waarneem hoe slot-/t/-verlies by die v.d.w. aanvanklik 'n suiwer fonologiese proses is soos bv. by die s.nw., en hoe daar in later tekste 'n nie-fonologiese faktor na vore kom en die fonologiese faktor verdring. Dit blyk origens dat die v.d.w. (en bv. die s.nw.) deurgaans minder onderhewig was aan slot-/t/-verlies - en dus meer konserwatief was ten aansien van Ndl. as normtaal - as die pv.

Dit is nou moontlik om kortliks 'n vergelyking te tref tussen slot-/t/-verlies in Afr. en dieselfde verskynsel in Ndl., wat in par. 1.4 hierbo bespreek is. Die vergelyking word bemoeilik deurdat die wyse waarop die materiaal in hoofstuk 1 ingesamel is, nie kontroleerbaar is nie, en die ontleding daarvan van tipes moes uitgaan in teenstelling met die tokens in hoofstuk 2. Die belangrikste ooreenkoms tussen die twee stelling gegewens is dat slot-/t/-verlies in Ndl. sowel as Afr. hoofsaaklik na 'n stemlose klank voorkom of voorgekom het. Maar terwyl dit in Ndl. oor die algemeen lyk asof ons die meeste verlies na /x/ en die minste na /k/ vind, en meer verlies na 'n stemlose frikatief as eksplisief, sodat wyse van artikulasie moontlik 'n faktor kan wees, lewer 'n tentatiewe ondersoek m.b.t. ses Afr. TKe (en hier van tokens), die volgende verliespersentasies:

na /s/	:	60%
na /f/	:	62%
na /p/	:	52%
na /k/	:	48%
na /x/	:	41%

Anders as in die geval van Ndl., vind ons hier na /x/ juis die minste verlies en meer plek eerder as wyse van artikulasie as faktor oorweeg word. Hierdie vergelyking tussen Ndl. en Afr. moet egter bloot as suggestief beskou word; dit verdien aanbeveling om so 'n vergelyking opnuut te onderneem aan die hand van beter vergelykbare materiaal.

'n Belangrike ooreenkoms tussen slot-/t/-verlies van die vroegste tipe in die geskiedenis van Afr. en meer onlangs in Culemborg (vgl. tabel 9 in par. 1.4.3), is dat dit na 'n stemlose klank by alle woordsoorte voorkom, en na 'n stemhebbende klank hoofsaaklik by die pv. van die ww. - in albei gevalle 'n aanduiding dat by die pv. ook 'n nie-fonologiese faktor werksaam is.

Die benadering wat in par. 2.4 gevolg is, was om eers 'n model te bied waarvolgens gegewens van 'n bepaalde tipe geïnterpreteer sou kon word (in dié geval: wat is in die

spreektaal moontlik en hoe is dit al geïnterpreteer) en dan na die gegewens te kyk. In die ontleding het daar egter moontlikhede en probleme na vore gekom wat 'n uitbreiding van die model sou vereis, iets wat in sommige gevalle buite die bestek van hierdie studie val. Die volgende kan genoem word:

- (a) Terwyl ons kan aanneem dat slot-/t/-verlies in een opsig 'n suiwer fonologiese proses is maar dit nie van bv. slot-/ð/-verlies weet nie, kan ons meer insig in die ooreenkoms of verskil tussen die twee prosesse kry deur na te gaan of ons by albei ewe konsekwent 'n patroon kan terugvind (vgl. hoofstuk 3). Ons sou egter moet weet met watter konsekwentheid 'n verskynsel 'n patroon moet vertoon (en wat die kenmerke van so 'n patroon moet wees) om nog as klankwet te kan deurgaan.
- (b) Aan verskille tussen verliespersentasie by die verskillende nie-wwe. is in hierdie hoofstuk nie doelbewus aandag geskenk nie. Daar is egter gevind dat Trigardt duidelik veel meer slot-/t/-verlies by bywoorde as s.wwe. het - 'n gegewe wat geïgnoreer kon word omdat bywoorde by hom 'n relatief klein persentasie van alle nie-wwe. uitmaak. As dit egter sou blyk dat die verskillende woordsoorte 'n baie meer onderskeidende rol speel ten aansien van slot-/t/-verlies, sou 'n nuwe teorie oor slot-/t/-verlies ontwerp moet word waarbinne slot-/t/-verlies ook by die v.d.w. moontlik 'n ander interpretasie sou kry. 'n Teoretiese aanknopingspunt is bv. dié van 'n woordsoorteskaal (vgl. par. 3.8.2 hieronder).

2.5 DIE VERHOUDING TUSSEN STAM EN UITGANG

Nadat die stam en die uitgang afsonderlik bespreek is, kan enkele opmerkings gemaak word in verband met raakpunte tussen stam en uitgang. Dié verhouding kan ons

insig gee in die relatiewe chronologie van sekere veranderinge, asook lig werp op die verhouding skryftaal/spreektaal.

Eerstens met enkele opmerkings in verband met die relatiewe chronologie van slot-/t/-verlies en stamverandering.

In v.d.w. soos geseg - d.w.s. sonder stamverandering, maar met slot-/t/-verlies - is baie algemeen; die omgekeerde daarvan, daarenteen, nl. /xæsɛ:t/, kom nooit voor nie, ten spyte van die feit dat slot-/t/ nog die langste na 'n vokaal bewaar is. Hiervan kan ons aflei dat die stamverandering van gezezt eers ná slot-/t/-verlies plaasgevind het. Dit geld oor die algemeen ook gelegd, gevraagd, gejaagd en geklaagd. Die paar voorbeelde wat die teendeel illustreer, is die volgende: 'n verklaring³³⁶ van F.

Mostert uit 1765 - in netjiese skrif, vlg. Van Oordt - het af gevraat (naas gevraagt, in 'n ander verklaring van hom); G. Meij burgt het in sy brief³³⁷ van 1807 gejaat, waarby Van Oordt opmerk dat dit "nie 'n skryffout vir gejaagt nie, maar die Afr. geja plus hiperkorrekte t" is; dieselfde brief het egter ook nog gejaagt, verklagt en verklaag. Geklaat vind ons in 'n brief van J. Scholtz uit 1802³³⁸.

Wat die onreëlmatige v.d.w.e. betref, is sowel die tipe gebrag as gebrengt so frekvent dat ons nie op grond van so 'n vergelyking slot-/t/-verlies en die regularisering van die stam na mekaar kan stel in die tyd nie. Die tipe *gelewet, wat daarop sou dui dat die inf.-stam v.d.w.-stam geword het voor die afloop van slot-/t/-verlies, het ek nêrens teëgekom nie. Opsommenderwys kan gesê word dat die regularisering van gebrag, ens., ruweg gelyktydig met slot-/t/-verlies by die v.d.w. moes geskied het, die afval van die slot-/x/ van geseg en geleg beslis daarna, en van gejaag, ens., waarskynlik daarna, en die invoer van 'n inf.-stam in die v.d.w. beslis ook daarna.

Tweedens: die verhouding skryftaal/spreektaal.

Labov en sy medewerkers het in hulle 1968-studie van imperfekta ("past tense"-vorme) o.m. gevind dat die frekwensie van slot-/t,d/-verlies by swart adolessente in New York hoër is in vorme soos kent, left en told, waar 'n

vokaalverskil met die presens bydra tot imperfekmarkering, as in vorme waar slegs slot-/t,d/ as markeerder optree; hierdie waarneming is in 'n tweede studie bevestig³³⁹. Ons kan dus na analogie hiervan verwag dat die frekwensie van slot-/t/-verlies na 'n v.dw. soos gekocht in die gesproke taal hoër sou gewees het as by gemaakt met sy reëlmatige stam. Waar skrywers egter die slot-/t/ dikwels nie uitspreek nie maar tog skryf, sal 'n v.dw. met onreëlmatige stam soos gekoch dit juis weer opvallend maak dat 'n slot-/t/ toegevoeg moet word. Die gegewens wat ek kon versamel dui eerder op lg. as e.g.³⁴⁰: In die joernaal van Maartyn van 1752-65³⁴¹ vind ons gemaak (gespel ge maak, gemak) driemaal sonder slot-/t/, naas vyfmaal met /t/; ge-/verkocht/-cocht behou, daarenteen, in al sewe gevalle die slot-/t/. In die dagboeke en kasboek van Johanna Duminy (einde 18e eeu) is daar 18 v.dwe. (tokens) met slot-/t/-verlies, en slegs een hiervan, nl. opgebrag, het 'n onreëlmatige stam. In 'n steekproef by Trigardt het ek onder 170 reëlmatige swak v.dwe. 66% (= 113) slot-/t/-verlies gevind en onder 33 onreëlmattiges 39% (= 13).

2.6 KORT OORSIG

V.dwe. wat ten opsigte van Ndl. 'n stamverandering ondergaan het in die rigting van veral die presensstam (wat in bepaalde gevalle self aan verandering onderhewig was), het òf op dieselfde ontwikkelingsstrap as die ooreenstemmende presensvorm gestaan, òf was meer konserwatief as die presens, in TKe waar sowel die presens as die v.dw. voorkom. Ook uit die oogpunt van slot-/t/-verlies was die v.dw. by skrywers byna konsekwent meer konserwatief as die pv. Na 'n stemlose klank was die frekwensie van slot-/t/-verlies by die v.dw. oor die algemeen meer in ooreenstemming met verlies buite die ww. as met by verlies by die pv. Stadia is onderskei in die ontwikkeling van die komplekse verskynsel van slot-/t/-verlies. Ofskoon die beskikbare gegewens aan die skraal kant is vir 'n defini-

tiewe skeiding in stadia, kon tog waargeneem word hoe die fonologiese reël wat aanvanklik verantwoordelik was vir slot-/t/-verlies, heeltemal deur 'n nie-fonologiese faktor verdring is by 'n aantal skrywers. Ten slotte is ook aandag geskenk aan die verhouding stam/uitgang, en aangedui hoe die volgorde van bepaalde taalveranderinge t.o.v. mekaar hierdeur belig kan word asook lig gewerp kan word op die problematiese verhouding skryftaal/sprektaal.

Note by hoofstuk 2

1. Die toevoeging kenmerk volgens Scholtz (1963, bl. 31-2)
"minder versorgde Afr."
2. Pfeiffer (1976I), bl. 104-5.
3. Vgl. ook die Duitse vorme akkordiert en agiert.
4. Scholtz (1972), bl. 21-2.
5. Scholtz (1963), bl. 32.
6. Ibid.
7. Persoonlike mededeling, dr. H.I. Stielau.
8. RLR 44 no. 66.
9. Vgl. Nienaber, G.S. (1940) ("Zamenspraak"), bl. 10 en 19.
10. Vgl. Scholtz en Verhage (1963).
11. Vgl. Conradie (1977), bl. 67.
12. Vgl. ook Scholtz (1963), bl. 32.
13. 1790-5, vgl. Franken (1938).
14. Le Roux (1966), bl. 2.
15. Ibid., bl. 51,60,84,128,130,141,167.
16. Ibid., bl. 51.
17. Krynauw en Pretorius (1949), bl. 190.
18. Scholtz (1963), bl. 33.
19. Sekere fonetiese verskille, soos tussen /z/ en /s/, word
verwaarloos.
20. Dit is onwaarskynlik dat gedoht ooit in Kaaps-Ndl.
meer was as 'n wisselvorm van die v.d.w. van denken.
21. Scholtz (1972), bl. 28.
22. Scholtz (1963), bl. 37.
23. Scholtz (1972), bl. 25-6.
24. Scholtz (1963), bl. 36.
25. Nienaber (1971), bl. 47,49.
26. Scholtz (1965), bl. 39.
27. Nienaber (1971), bl. 171-4.
28. Ibid., bl. 181-3.
29. Nienaber, G.S. (1940).
30. Scholtz (1963), bl. 37.
31. Nienaber (1971), bl. 118.
32. Ibid., bl. 178.
33. Ibid., bl. 217.
34. Nienaber, G.S. (1940).
35. Nienaber, G.S. (1942).
36. Nienaber (1971), bl. 17.
37. Smuts (1960), bl. 1.
38. Nienaber (1971), bl. 86.
39. Nienaber, G.S. (1940).
40. Scholtz (1972), bl. 27.
41. Ibid., bl. 27-8.
42. Pfeiffer (1976I), bl. 106.
43. Scholtz (1963), bl. 36-7.
44. Vgl. Scholtz (1965), bl. 39, vir Meurant 1844-50; by
Meurant 1861 (kyk Nienaber, G.S., 1940), naas ver-
koop, ook verkon en verkocht.
45. Nienaber, G.S. (1942).
46. CJ 1031, tussen nos. 36-64.
47. CJ 1035, bl. 203.
48. CJ 1092, no. 48.

49. CJ 1074.
 50. RLR 44, no. 77.
 51. Ibid., no. 60.
 52. Scholtz (1972), bl. 27.
 53. Ibid., bl. 27-8.
 54. Pfeiffer (1976I), bl. 106.
 55. CJ 344, 0540.
 56. KT no. 110(a).
 57. KT no. 188, en vgl. Scholtz (1963), bl. 36.
 58. Nienaber, G.S. (1940).
 59. Nienaber (1971), bl. 171v.
 60. Smuts (1968), bl. 30.
 61. Nienaber (1971), bl. 204.
 62. Nienaber, G.S. (1942).
 63. CJ 1092, no. 226.
 64. Smuts (1968), bl. 30.
 65. Scholtz (1965), bl. 39.
 66. Nienaber (1971), bl. 171-4.
 67. Ibid., bl. 209.
 68. Nienaber, G.S. (1942).
 69. KT no. 166.
 70. Nienaber, G.S. (1942).
 71. MOOC 14/212, bl. 24.
 72. Mossop (1935).
 73. Nienaber (1971), bl. 42.
 74. CJ 1113, no. 142.
 75. CJ 1063, no. 154.
 76. Nienaber, G.S. (1942).
 77. CJ 335.
 78. CJ 1079.
 79. Nienaber (1971), bl. 171-4.
 80. Ibid., bl. 116.
 81. Pfeiffer (1976I), bl. 108 en 58.
 82. CJ 1065, no. 811.
 83. Nienaber (1971), bl. 121.
 84. Ibid., bl. 152.
 85. Nienaber, G.S. (1942) bl. XXII.
 86. Nienaber, G.S. (1940), bl. 64.
 87. KT no. 98.
 88. Nienaber, G.S. (1942).
 89. Nienaber, G.S. (1940).
 90. Franken (1938).
 91. Nienaber (1971), bl. 89.
 92. Smuts (1968), bl. 31.
 93. Nienaber (1971), bl. 89.
 94. Nienaber (1971), bl. 48.
 95. Le Roux (1966); gejagt: bl. 108.
 96. Nienaber (1971), bl. 56.
 97. Ibid., bl. 118.
 98. Vlg. Heinsius (1897), bl. 66, kom leyt en seyt as 3e pers. ekv. in die Ndl. van c. 1600 voor.
 99. CJ 2981, bl. 181-3.
 100. St. 6/90.
 101. Ibid.
 102. CJ 1103, no. 228.
 103. St. 5/20.
 104. CJ 1111, no. 78.
 105. St. 10/164.
 106. St. 6/90 (?).
 107. CJ 1103, no. 228.
 108. St. 10/164.
 109. CJ 1112, no. 26 en 66, resp.
 110. Mossop (1935).
 111. Franken (1938).
 112. Alle infe. het die stam -bren-; daar is geen pv.
 113. Nienaber (1971), bl. 47-50.
 114. Scholtz (1965), bl. 84, 87 n 29.
 115. Smuts (1968), bl. 3,5, 6,21 en 23.
 116. Ibid., bl. 3.
 117. Nienaber (1971), bl. 118.
 118. Ibid., bl. 171-4.
 119. Ibid., bl. 181-3.
 120. Nienaber (1971).
 121. Ibid., bl. 204.
 122. Ibid., bl. 199.
 123. Ibid., bl. 200.
 124. Ibid., bl. 201.
 125. Ibid., bl. 205.
 126. Nienaber, G.S. (1940).
 127. Scholtz (1965), bl. 31-40.
 128. Scholtz (1965, bl. 40) meen dat "die konsekwente gebruik van zeg as persoonsvorm (behalwe in een same-spraak), van seg as inf. en gezeg as volt. dw. "... miskien daaraan gewyt (moet) word dat die skrywer nie sou geweet het hoe om (ge)sê in skrif weer te gee nie".

129. Scholtz (1965, bl. 34) sien in die oorwegende gebruik van denk "invloed van die Ndl. skryftradisie op die vokale".
130. "Ook in Afr. verouderd of dialekties is die ww. teiken (feitlik konsekwent) naas teken", aldus Scholtz (1965, bl. 34).
131. Vgl. ook die bespreking van geschreef in par. 2.3.2.3 hierbo.
132. Scholtz (1965) bl. 33,39. Dit is nie duidelik of Scholtz ook gevraag gevind het nie. Hy wys (bl. 39) daarop "dat terwyl Meurant reeds die volt. deelwoord gevra gebruik, gesê nie voorkom nie - net geseq".
133. Scholtz (1965, bl. 32 n 2) merk i.v.m. die 1844-50-stukke op dat Meurant "ongetwyfeld in verskillende rolle Afrikaans geskrywe (het)", sodat een stuk "krommer of platter of beskaafder of Nederlander" kon wees as 'n ander.
134. Nienaber, G.S. (1942), bl. 3-64.
135. Ook eenmaal as imperatief.
136. Die slot-/t/ in hierdie funksies suggereer dat slot-/t/ vir Zwaartman deel van die stam is.
137. Vgl. noot 136.
138. Ter wille van die eenvoud van aanbidding word sekere spellingaanpassings gemaak.
139. Raidt (1974), bl. 101.
140. Scholtz (1972), bl. 8.
141. Vgl. ook Bloomfield (1969), bl. 353-4.
142. Ofskoon talle sodanige spreektaalwaarnemings gedoen is, bestaan daar ongelukkig nog min gegewens in verband met die verhouding spreektaal/skryftaal by sodanige taalgebruikers - 'n hiaat wat nie hier gevul kan word nie.
143. Oorgedruk in Scholtz (1963), bl. 9-51, waaruit aangehaal word.
144. Scholtz (1972), bl. 1-34.
145. Scholtz (1965).
146. Scholtz (1963), bl. 9.
147. Mossop (1935).
148. Franken (1938), bl. 331-2.
149. Franken (1938).
150. Vgl. Scholtz (1972), bl. 1.
151. Ibid., bl. 3.
152. Scholtz (1963), bl. 16.
153. Ibid.
154. Ibid.
155. Ibid., bl. 17.
156. Ibid., bl. 21.
157. Ibid., bl. 21 en 22.
158. Ibid., bl. 22-3.
159. Ibid., bl. 21-2.
160. Ibid., bl. 37. Dat die vorm van byvoeglik gebruikte v.dwa. enige behoudende invloed op ander v.dwa. kon uitgeoefen het, lyk my onwaarskynlik; e.g. is veel minder frekwent (en behoort minder tot die spreektaal) as lg. 'n Mens sou ook kon vra waarom dieselfde aanname nie gemaak word i.v.m. /t/-verlies na 'n

- stl. kons. nie, vgl. gevalle soos geslaagd, ver-
slaafd, bedreigd, beheersd, verheugd.
161. Scholtz (1972), bl. 7.
162. Ibid., bl. 8. Opvallend is verder dat van hierdie 39 vroeë voorbeelde, 11 voorbeelde kan wees van konsonantgroepvereenvoudiging (d.w.s. /rkt/ na /rk/, soos in gewerk), en by 13 die v.d.w.-stam duidelik van die pv.-stam verskil, nl. -koch en -brag.
163. Ibid.
164. Ibid., bl. 13-4.
165. Ibid., bl. 23. In die 1972-hoofstuk word die geskrifte van persone van Duitse herkoms hoër aangeslaan as bewysmateriaal vir slot-/t/-verlies as in die 1958-artikel; vgl. vir die motivering hiervan Scholtz (1972), bl. 4.
166. Scholtz (1972), bl. 23-4.
167. Scholtz (1963), bl. 16.
168. Ibid.
169. Ibid., bl. 17.
170. Ibid., bl. 21 en 22.
171. Ibid., bl. 37.
172. Scholtz (1972), bl. 8.
173. Ibid., bl. 13-4.
174. Scholtz laat hom nie uit oor die datum waarop die proses van /t/-verlies by die v.d.w. na sth. klank voltooi is nie; ek stel dit hier op 1750 omdat dit tussen 1700 en 1750 "al gewoon ... was", "moontlik ... aan die verdwyn was", Scholtz (1972), bl. 23-4.
175. Scholtz (1963), bl. 20. Vgl. ook bl. 16, 21, 22, en Scholtz (1972), bl. 8, 24.
176. Scholtz (1963), bl. 15.
177. Scholtz (1972), bl. 34.
178. Van den Berg (1965), bl. 27.
179. Die benadering van die stof is origens "atomisties-tekstkrities".
180. Snyman (1975), bl. 97.
181. Soos opgeneem in die KT, die Precis of the Archives of the Cape of Good Hope (1898) (briewe en dokumente wat van 1649 tot 1662 ontvang is), die Kaapse Archiefstukke vir die tydperk 1778-83, en die Resolusies van die Politieke Raad; vir volledige bibliografiese besonderhede, vgl. Snyman (1975), bl. 191 v.
182. Soos opgeneem in E.C. Godée Molsbergen (1916-32), Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd I-IV, 's-Gravenhage.
183. Snyman (1975), bl. 111.
184. Ibid., bl. 110-5.
185. Ibid., bl. 119; die vorme is uit die KT en Kaapse Archiefstukke afkomstig.
186. Snyman (1975), bl. 99-103 en 105.
187. Ibid., bl. 122.
188. Ibid., bl. 123. Die volgende Kaapse bronne is ondersoek: Resolusies van die Politieke Raad (1651-1723), die Kaapse Plakkaatboek (1652-1806), die Kaapse Archiefstukke (red. mej. M.K. Jeffreys) en Memoriën

- en Instructiën (1657-99). Hiernaas word, ter vergelyking, ook amptelike Bataviase bronne ondersoek.
189. Snyman (1975), bl. 153-7.
 190. Ibid., bl. 142-9.
 191. Ibid., bl. 171-5.
 192. Hulle is "dun gesaai"; daar is heelwat minder geapokopeerde vorme na stemh. as steml. klank, so ook wat betref die gegewens uit Batavia.
 193. Snyman (1975), bl. 167-70. Hy wys daarop dat hierdie gegewens volkome nuut is op dié gebied.
 194. Ibid., bl. 158-66.
 195. Ibid., bl. 175-7.
 196. Ibid., bl. 163-6.
 197. In die amptelike koloniale Ndl. van voor 1700 aan die Kaap spoor hy "60 nuwe relevante vorme" op, 11 daarvan na steml. en 5 na stemh. kons. uit die tydperk 1652-62, *ibid.*, bl. 178-9.
 198. Ibid., bl. 184-5.
 199. Ibid., bl. 179.
 200. Vlg. Bailey (1973, bl. 23) is die studie van variasie vir sommige taalkundiges "simply a valuable adjunct to linguistics"; vir ander (onder wie hy ook homself reken) "the study of patterned language variation in its communicative life cannot be omitted from linguistic theory and practice without invalidating them".
 201. Moore (1927), bl. 232-59.
 202. Ibid., bl. 235.
 203. Wolfram en Fasold (1974, bl. 101 n 2) wys daarop dat die benaming "constraint" nie vir alle taalkundiges dieselfde betekenis het nie.
 204. Labov (1966).
 205. Stande of sosio-ekonomiese groepe waartussen dikwels onderskei word, is die laer en hoër werkersklas, en laer en hoër middelklas (Vgl. Wolfram en Fasold (1974), bl. 86-7). 'n Sistematiese afwyking van die korrelasie tussen maatskaplike stand en variasiepeil staan bekend as "statistiese hiperkorreksie"; hiervolgens streef die laer middelklas in sy navolging van 'n hoër middelklas-norm dikwels die hoër middelklas verby (*Ibid.*, bl. 87).
 206. Ibid., bl. 84.
 207. Ibid., bl. 86-7.
 208. Ibid., bl. 93-4.
 209. Ibid., bl. 94 v.
 210. Ibid., bl. 89 v.
 211. Ibid., bl. 89.
 212. Snyman (1975).
 213. Smuts (1960).
 214. Uit 'n studie van Wolfram en andere, soos aangehaal deur Wolfram en Fasold (1974), bl. 105.
 215. Wolfram (1969), bl. 134-52.
 216. Ibid., bl. 144.
 217. Ibid.
 218. Labov soos aangehaal deur Wolfram (1969), bl. 55 n 1.
 219. Labov (1969), o.m. bl. 741; vgl. ook die uiteensetting in Wolfram en Fasold (1974), bl. 101 v.

220. Wolfram en Fasold (1974), bl. 125-7.
 221. Bailey (1973), bl. 23.
 222. Wolfram en Fasold (1974), bl. 106-11.
 223. Ibid., bl. 106. Hierdie standpunt is volgens die skrywers "the traditional position in linguistics and the one probably accepted by most linguists today" (bl. 106).
 224. Ibid., bl. 107.
 225. Ibid.
 226. Ibid.
 227. Ibid., bl. 109.
 228. Ibid., bl. 106.
 229. Bg. aannames berus op die opvatting dat die taalvermoë heterogeen, d.w.s. multi-dialekties, van aard is. 'n Meer gevestigde opmerking wat hierteenoor staan, is dat variasie die resultaat is van kodewisseling ("code switching"). Ofskoon die apparaat wat nodig sal wees om sodanige kodewisseling te beskryf tog 'n komponent sal moet bevat wat nie veel van gewone variabiliteitsmodelle verskil nie, hoef gevalle waar ons te make het met talle wisselings binne die bestek van een sin, nie telkens 'n volledige kodewisseling - ook op ander terreine van die grammatika - te impliseer nie.
 230. Wolfram (1969), bl. 48-9.
 231. Ibid., bl. 14.
 232. Fasold (1972), bl. 26.
 233. Wolfram en Fasold (1974, bl. 36 v) bespreek die nog onopgeloste probleem van die aantal informante wat vereis word vir 'n bepaalde studie. Hulle wys o.m. daarop (bl. 39) dat die "size of the sample" in 'n mate daarvan afhang "how homogeneous behavior can be expected to be", en sê voorts dat dit wil voorkom asof "linguistic behavior is considerably more homogeneous than some other types of behavior, so that we might obtain a reliable sample by using a smaller sample than some types of sociological surveys". Labov (1966) sê selfs: "Given 10 to 20 utterances of a speaker in several stylistic levels, we find a regular progression of the variables" (bl. 225).
 234. Wolfram en Fasold (1974), bl. 84.
 235. Behalwe in soverre sommige koerantsetters ingesonde vroeë Afr. briewe miskien nie onveranderd weergegee het nie, Wikar se verslag geredigeer is, ens.
 236. Moore (1927), bl. 235.
 237. Scholtz (1963), bl. 21-3.
 238. Ibid., bl. 15-7.
 239. Wolfram en Fasold (1974), bl. 101 n 3.
 240. Ibid.
 241. In nog 'n moontlike kategorie, t.w. slot-/t/-verlies buite die ww. na 'n stemh. klank, is so min verlies verwag en gevind dat dié gegewens nie ingewin is nie (afkorting: nww SH).
 242. Die 100%-merk word telkens d.m.v. 'n strepie links bo aangedui.

243. Statistiese gegewens is alleenlik oorgeneem waar dit vir al vyf kategorieë beskikbaar was.
244. 'n Meer ideale, maar ook meer komplekse chronologiese rangskikking sou verkry kon word deur die algemene chronologiese verspreiding van die verskillende tekste wat tot die TKe behoort, in ag te neem.
245. Vgl. Scholtz (1972), hfst. 1, vir 'n vroeër analise.
246. MOOC 14/211, "Fragmentariese boedelpapiere".
247. Kreuzmann skryf bv.: "Año 1714 an Jan mulder gelang negtijn bont tuback ..." (laat kry, of verkry van?). Gelangen word in een van sy betekenis deur Klappenbach en Malige-Klappenbach (1968) beskryf as "an ein bestimmtes Ziel kommen"; 'n voorbeeld is: "der Brief gelangte nach zehn Tagen glücklich in meine Hände, an die richtige Adresse". Hierdie v.d.w., en dan sonder /t/-verlies, het ek elders nog net teëgekóm in "drie mudde koren gelanckt aan lijse bet" (MOOC 14/212, in omslag 1725-6, ongedateer en skrywer nie deur Van Oordt vermeld). Gelangen kom ook in Mnl. voor.
248. Heinsius (1897, bl. 50) haal honderste aan uit die Ndl. van c. 1600.
249. Na stemh. klank het v.d.w. dus 90% en nie-wwe. slegs 12% verlies. 'n Verskil tussen die onderhawige v.d.w. en nie-wwe. is dat e.g. altyd meersillabig is en lg. meestal nie.
250. Pfeiffer (1976I), bl. 78-9, 102-3, 106, 236-7.
251. Vgl. Pfeiffer (1976I), bl. 37. Vgl. ook sy opmerking op bl. 40: "Hierdie drie stukke is heelwaarskynlik sonder hulp deur Barbier alleen geskryf".
252. Pfeiffer (1976II).
253. Mossop (1935), bl. 1-5.
254. Scholtz (1963), bl. 10. Vgl. ook Raidt (1976), bl. 106-7.
255. Mossop (1935), bl. 20-200. In die kategorieë vdw SL, nww SL en vdw SH is daar telkens heelwat meer as 15 tokens, met nêrens slot-/t/-verlies nie - vgl. ook Scholtz (1963), bl. 15, 16 en 37.
256. KT no. 70.
257. Vgl. Raidt (1976), bl. 131-2.
258. Franken, J.L.M. (1938), bl. 79-110. Indien mve. by pv SL ingesluit word, is die totale verlies 2/9 (22%). Daarbenewens het sy 12x heeft, nooit heef. Vir vdw SH vgl. ook Scholtz (1963), bl. 37. Verlies by die s.nw. alleen, is 12/40 (30%).
259. J.C. Greyling: KT no. 137 (1797), no. 167 (1802), nos. 197, 200, 202, 207, 208 (1810), no. 220 (1811) en no. 266 (1820).
260. A.J. van der Walt: KT no. 209 (1810), nos. 223, 224, 228, 229, 234, 245 (1812).
261. P.A. Opperman: KT nos. 212, 217 en 218 (1811), nos. 231, 243 en 250 (1812), no. 257 (1816).
262. Gegewens uit Smuts (1968).
263. Nienaber (1971), bl. 14.
264. Ibid., bl. 12-3, 15, 17, 19, 20-1, 22-3, 25-6, 28-9, 31.
265. Vgl. Smuts (1968).

266. Vgl. Smuts (1968); tekste afkomstig uit Pretorius en Kruger (1937).
267. Nienaber (1971), bl. 50-1.
268. Ibid., bl. 47-50.
269. Scholtz (1965), bl. 76-103.
270. Ibid., bl. 76.
271. Ibid., bl. 76-7.
272. Ibid., bl. 101.
273. Ibid., bl. 102.
274. Ibid., bl. 84.
275. Nienaber (1971), bl. 37-42.
276. Ibid., bl. 45.
277. Franken (1937).
278. Nienaber (1971), bl. 86.
279. Vdw SL : $30/34 = 88\%$, nww SL : $20/30 = 67\%$; vdw SH : $6/14 = (43\%)$.
280. Vgl. note 269-272.
281. Smuts (1968), bl. 1. Vgl. ook Raidt (1972), bl. 135.
282. Preller (1938).
283. Vgl. Le Roux (1966). Smuts verwys na die eerste of 1964-druk.
284. Die Le Roux-uitgawe is vlg. Raidt (1976, bl. 135) "n veel betroubaarder teks vir taalkundige ontleding" as dié van Preller.
285. Gegevens uit Smuts (1968), bl. 7, 18 en 29.
286. Scholtz (1965), bl. 32.
287. Ibid., bl. 32 n 2 en bl. 272-3.
288. Ibid., bl. 3.
289. Vgl. ook ibid., bl. 8, 12-18.
290. Nienaber (1971), bl. 171-4. Vgl. ook Scholtz (1965), bl. 18.
291. Krynaauw en Pretorius (1949), bl. 190; vgl. ook bl. 146. P.E. Scholtz het o.m. geen duidelike besef van die spelreëls i.v.m. -d en -t nie; hy skryf bv. wand, Volkstaat, schuuld (pv.), behout (pv.); hiperkorreksie vind ons in hebt ik (bl. 145), ik hebt (bl. 146).
292. Ibid., bl. 145-6, 160-1, 189-90, 219-20, 230-2, 233-5, 255-6, 289, 303-5, 309, 310-1.
293. Nienaber (1971), bl. 181-3 en 185-7.
294. Dit gaan hier nl. nie om 'n tekskompleks nie, maar om 'n versameling tekste (sommige baie kort) van verskillende skrywers; die variasiepatroon van 'n bepaalde skryfstyl in 'n bepaalde periode word hierin weerspieël.
295. Scholtz (1963), bl. 9.
296. Van Oordt (1947-56).
297. Smuts (1960), bl. 1-3.
298. Vgl. noot 233 hierbo.
299. Die fonologiese reël van elot-/t/-verlies na 'n steml. klank, of, soos nog algemener deur Scholtz (1963, bl. 15) gestel: "dat 'n steml. okklusief (my onderstreeping) nie onmiddellik volgende op 'n steml. kons. aan die woordeinde voorkom nie" - dus

[+ okklusief] → ∅ / [- stem] _____ ##

- is in ooreenstemming met die reël vir die vereenvoudiging van slotkonsonantgroepe in nie-std.-Eng. Wolfram en Fasold (1974, bl. 130) formuleer hierdie reël soos volg: "... the reduction rule operates only when the second member is a stop consonant (eliminating [as konteks vir reëltoepassing, C.J.C.] ps en ks), and only when both members of the cluster are either voiced or voiceless (eliminating mp, nk, lp and lt)". 'n Vroeër reël in Ndl. en Afr., wat slot-/d/ (asook /b/ en /v/) stemloos maak, t.w.

[+ stem] → [- stem] / _____ ##
[E sonorant]

- elimineer dus ook Afr. kons.-groepe soos die /nd/ van hand as moontlike kontekste vir so 'n reël.
300. Scholtz (1972, bl. 6) praat in dié verband van "n andersoortige verskynsel".
301. Vgl. Wolfram en Fasold (1974, bl. 102 v), waar hierdie prosedure - wat deur Labov ontwikkel is - gedemonstreer word.
302. As 'n mens in oorweging neem dat die TKe (1) - (17) slegs 'n tydperk van 75 jaar (t.w. 1779-1854) verteenwoordig, is dit glad nie onrealisties om die geheel uit 'n sinchroniese oogpunt te oorskou nie.
303. Scholtz (1963), par. 9, bl. 37.
304. Op grond van gegewens wat deur Wolfram en Fasold (1974, bl. 125-6) bespreek word, sou 'n mens 'n bietjie meer verlies in die kategorie nww SL as in vdw SL verwag het (vgl. dan ook TKe (3), (4), (8), (10) en (13)). Slot-/t/ van sowel mist as missad gaan klankwettig verlore, wat dan ook "at comparable frequency levels" gebeur, maar "the t representing -ed is somewhat less frequently (my onderstreping, C.J.C.) deleted because its status as a suffix is a variable constraint on the phonological deletion rule" (bl. 126).
305. Bezuidenhout het minder as 15 tokens by vdw SH, maar tog 'n duidelike aanduiding van hoë verlies (8/12 = 67%).
306. Die dik streep stel 'n noodsaaklike hoogteverskil voor; die gebroke lyn verbind punte waarvan die hoogteverskil nie kritiek is nie.
307. Lank voordat die stadium bereik word waar 'n gegewe reël (as soëls) X (in die regte kontekste) slot-/t/ konsonant toevoeg tot wwa. en 'n reël Y in 100% van gevalle hierdie /t/ skrap, sal reël X self 'n opsionele toepavingsreël geword het en Y verval het. Waar dit wettiglik gepraat het van slot-/t/-verlies, moet ons later begin praat van slot-/t/-toevoeging. Hierdie oorgang word in die onderhawige studie verwoord omdat dit (i) moeilik is - veral met min gegewens - om te bepaal presies wanneer die oorgang plaasgevind het (hiperkorreksie is wel 'n leidraad), en (ii) w.i. geen implikasie het vir die resultate wat gevind is nie.
308. Scholtz (1963), bl. 37.
309. Ibid.

310. Nienaber (1971), bl. 14.
 311. Vlg. Le Roux (1966), gebore 1783 (bl. xiv), oorlede 1838 (bl. xx).
 312. Vlg. Scholtz (1965) bl. 76 vermoedelik 1787 gebore.
 313. Vlg. Smuts (1943) bl. 12, gebore 1798.
 314. Vlg. Smuts (1943) bl. 11, gedoop 1799.
 315. Vlg. Scholtz (1965) bl. 32, gebore 1811.
 316. Ibid., bl. 21.
 317. Scholtz (1972), bl. 23.
 318. Vgl. Pfeiffer (1976I).
 319. Scholtz (1963), bl. 37.
 320. Smuts (1943).
 321. Heinsius (1897, bl. 67) wys egter op bekleet, beroert, ens. in die Statebybel.
 322. Dié verskynsel kom ook voor by Wikar en P.E. Scholtz, en hier en daar in die KT, vgl. die pv. regeerd (no. 270) en die voors. ontrend (no. 277).
 323. 'n Noukeurige statistiese ondersoek van Trigardt se -t/-d-spellinggebruike is nodig vir groter sekerheid aangaande hierdie bewerings.
 324. Smuts (1943).
 325. Ander moontlike hipoteses sou wees: (i) minder sinsklem op bywe. as op s.nwe., wat hulle minder opvallend maak vir die skrywer wat t's invoeg; (ii) 'n groter token-per-type-getal by die bywe., wat "af-slyting" van slot-t/ bevorder.
 326. Scholtz (1963), bl. 34, beskou ook tipe (i) as hiperkorrek.
 327. Vgl. Van Haeringen (1962a).
 328. Scholtz (1963), bl. 34.
 329. MOC 3/3.
 330. MOC 14/197.
 331. Stell. 11/48.
 332. KT no. 188.
 333. Pfeiffer (1976I), bl. 102-4.
 334. Smuts (1960), bl. 7.
 335. Scholtz (1963), bl. 37.
 336. OJ 1092, no. 226.
 337. KT no. 188.
 338. KT no. 166.
 339. Vgl. Fasold (1972), bl. 73.
 340. Vgl. egter noot 162.
 341. MOC 14/213.

HOOFSTUK 3: VORMONTWIKKELING VAN DIE STERK VOLTOOIDE DEELWOORD (WERKWOORDELIK GEBRUIK), 1652-1875

3.1 INLEIDING

Die sterk v.dw. word vir die doel van hierdie hoofstuk gedefinieer as dié v.dw. wat in Ndl. /ə/ - gespel en - as uitgang neem, met of sonder vokaalwisseling in die stam ten opsigte van die stam van die pv./inf. Ofskoon v.dwe. van atematiëse wwe. soos gaan, zien, staan, slaan, doen, ens., ook as sterk v.dwe. beskou word, word hulle met die uitsondering van doen nie by hierdie ondersoek betrek nie; hulle v.dwe. het òf in Afr. dieselfde vorm behou, òf ons gegewens laat min sien van 'n verandering (vgl. Ndl. gesla-gen/geslaan, Afr. geslaan).

Die doel van hierdie hoofstuk is om na te gaan op watter wyse die Ndl. sterk v.dwe. volledig geregulariseer geraak het in Afr. Aangesien dié verandering al deeglik ondersoek is deur Scholtz in drie studies¹, en deur Smuts as onderdeel van sy studies oor die ontwikkelingstadium van Afr. vroeg in die neëntiende eeu², sal ek hier hoofsaaklik oorsigtelik en aanvullend te werk gaan. Dit blyk nl. dat as al die beskikbare gegewens naasmekaar gestel en op sommige punte aan 'n nuwe benadering onderwerp word, dit tog tot enkele verskerpte insigte kan lei.

Enkele opvattinge van Scholtz en probleme wat deur hom gestel is, dien in 'n hoë mate as uitgangspunt vir hierdie studie. Scholtz se standpunte³ word dus in hooftrekke hieronder geskets, en daarna kortliks dié van Smuts.

Scholtz wys daarop dat daar in Ndl. "van vroeg af 'n sterk neiging" was o.a. om 'n reëlmatige vorm in die plek van 'n onreëlmatige - en die sterk v.dwe. maak 'n belangrike deel hiervan uit - te gebruik, en dat dit moeilik is om vas te stel wat die situasie in 17e-eeuse Hollands presies was en watter vorme na die Kaap oorgedra is; hy meen verder dat wat in vroeë Ndl. 'n neiging tot normalisering was, aan die Kaap "klaarblyklik vry spel gehad

(het), totdat die normaliseringsproses hom end-uit voltrek het"⁴.

Scholtz stel die vraag langs watter "weg of weë" dié v.dwe. hulle huidige Afr. vorm gekry het. Die "normale proses" was volgens hom "ontgetwyfeld ... dat reëlmatig gevormde dwe. direk in die plek van oorspronklik onreëlmatige dwe. gebruik is"⁵, maar "n mate van twyfel hieromtrent word gewek deur die verskyning in ou bronne van dwe. sonder uitgang maar met behoud van die oorspronklike vokaalwisseling", bv. ingetrok, geschoot - hulle is so frekwent "dat hulle nie somaar weggeredeneer mag word nie". Scholtz wil dan rekening hou met die moontlikheid van tussenstadiums "in sommige gevalle", en noem as moontlikhede 'n tipe waar die vokaalwisseling van die stam behoue bly terwyl die uitgang verlore gegaan het, en 'n tipe waar die vokaalwisseling opgehef is voordat die uitgang verlore gegaan het⁶. Waar Scholtz die moontlikheid van tussenstadiums d.m.v. voorbeelde illustreer, is dit opvallend dat hy meer voorbeelde van v.dwe. met /o:/ of /ɔ/ as stamvokaal - en uit meer bronne - kan noem as v.dwe. met /e:/⁷. Op hierdie verskil word later dieper ingegaan.

Scholtz stel dit egter as 'n probleem dat "verlies van 'n -g as fonetiese proses" (behalwe na lang vokaal of diftong) "nie baie aanneemlik kan gemaak word nie"⁸. Ook aan die bestaanbaarheid van so 'n fonetiese proses word hieronder aandag geskenk.

'n Verdere probleem doen hom voor by die tipe gery, gekry, geskrywe, ens. Het hierdie vorme ontstaan deur die blote opheffing van die vokaalwisseling in v.dwe. (met verlies van die intervokaliëse konsonant gevolg deur slot-/ə/-verlies) of het ons hier te make met "nuwe formasies deur voorvoeging van ge- aan die destyds bestaande vorm van die verbum finitum en inf., om so te pas in 'n patroon wat hom aan die veralgemeen was"⁹. Dit is 'n vraag waarop moeilik 'n antwoord uit ons gegewens te haal is. Een rede daarvoor is dat Scholtz se onderliggende aanname, nl. dat infinitief en sterk v.dw. morfologies

Author Conradie C J

Name of thesis Die Diachronie van die Afrikaanse voltooid deelwoord 1979

PUBLISHER:

University of the Witwatersrand, Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.